

**MEER AS  
NET NOG  
'N MENS**

**Christo Nel**

## INLEIDING

Vir meer as drie jaar het ek die voorreg om duisende Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners wat oorsee woon en werk weekliks te bedien via internet.

Week na week ontvang elkeen van hierdie mense 'n epos-briefie van my af genaamd, NOG 'N SLUKKIE NUWE WYN, waarin ek 'n stukkie Woord met elkeen van hulle persoonlik deel.

Die materiaal wat in hierdie boek verskyn het die afgelope jaar of twee duisende gelowiges en andere weer opnuut bedien met die lewegewende waarhede oor die Persoon en werk van Jesus Christus, ons Verlosser en Here.

Mag elkeen wat dit op hierdie manier te lese kry, ook so bedien word daardeur.

Jy is baie welkom om te enige tyd terug te gesels.

Die skrywer

Christo Nel

Posbus 3114

Somerset-Wes

7129

Tel: 021-8510003

Sel: 0827702397

Epos: [nchristo@lantic.net](mailto:nchristo@lantic.net)

# INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE .....	3
DEEL 1 MEER AS NET NOG 'N MENS.....	5
DEEL 2 EK KAN NIE ANDERS AS OM TE GLO NIE .....	9
DEEL 3 JESUS VERANDER MENSE .....	13
DEEL 4 LUISTER NUUT NA DIE KERSBOODSKAP .....	17
DEEL 5 JESUS IS NIE MEER DIE KINDJIE IN DIE KRIP NIE .....	21
DEEL 6 BEKLEË JULLE MET DIE HERE JESUS .....	24
DEEL 7 SODAT DIE WÊRELD SY HEERLIKHEID SAL SIEN .....	27
DEEL 8 SY BLOED HET VIR ONS GEVLOEI .....	31
DEEL 9 DEUR DIE KRUIS HET DAAR VIR ONS LEWE GEKOM .....	35
DEEL 10 WAAROOR MOES HY SO LY?.....	40
DEEL 11 "AMAZING LOVE!" .....	42

DEEL 12 HIERDIE JESUS HET OPGESTAAN EN HY LEWE ..... 44

DEEL 13 JESUS HET WERKLIK OPGESTAAN ..... 46

## DEEL 1 MEER AS NET NOG 'N MENS

Die figuur en verhale rondom Jesus is maar net weer in die spervuur. Die van julle wat die koerante die afgelope tyd hier in die SA gevolg het, weet hoe sekere teoloë gaan sit het om te bepaal watter verhale oor die persoon en lewe van Jesus, vir 'n rasionale mens "aanvaarbaar" is en watter nie. En hoe die "geleerdes" toe uiteindelik besluit het dat net sowat 20% die "toets" geslaag het!

Asof die waarheid van die Skrifverhale se betroubaarheid getoets kan word deur wat 'n gewone mens met sy plat koppie kan aanvaar en verstaan!

Vir die meeste gelowiges is hierdie soort gesprekke ontstellend omdat die fondasie van wat hulle glo as Christen, en waarop hulle hulle lewens bou, hier op die spel is. Daarom is dit belangrik om net weer nugter vir mekaar toe te rus om hierdie soort gesprekke te kan evalueer en midde dit 'n gebalanseerde getuienis te kan lewer oor wat jy glo.

Paulus sê immers daar in Kol. 4:5,6: *Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid. Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.*

Om nugterheid te behou in hierdie soort gesprekke, is dit belangrik om 'n paar dinge te onthou:

Christen-wees of volgeling-van-Jesus-wees, is nie net 'n klompie dinge wat ek en jy rondom die historiese figuur, Jesus, glo met ons verstand en waarvolgens ons ons lewe probeer inrig nie. Ek is 'n volgeling van 'n lewende, opgestane Jesus, omdat ek 'n persoonlike ontmoeting gehad het met die lewende God in Sy persoon. Sy Gees het my in hierdie proses in die kern van my menswees (noem dit "gees" as jy wil) kom nuutmaak (in Bybelse terme: "kom wederbaar"). Alles in my totale menswees het verander omdat die lewende God self nou deur Sy Gees in my liggaam kom woon het en Hy my daaglik lei en leer hoe om te lewe.

As die wêreld dan vrae vra oor Jesus, of selfs krities ongelowig teenoor Hom staan, moet ons verstaan, kan hulle eintlik nie anders nie. Voordat hulle Hom nie persoonlik self ontmoet het nie, bly Hy vir hulle 'n figuur soos Jan van Riebeeck, waarvan hulle net gehoor of gelees het.

Aan die anderkant moet ons ook rekening hou met Satan en sy magte wat met alles wat hulle het, twyfel oor Jesus sal wil saai. Omdat hulle weet Hy is die Koning van alle konings en die sleutel tot verlossing en tot menswees soos God dit bedoel het.

Ek en jy hoef nie Hom te verdedig teenoor die wêreld nie. Of mense van Sy bestaan te probeer oortuig nie. Ons kan ook nie. Dit is die Gees van God se werk. Ons taak is net om te getuig oor wat ons oor Hom glo en hoe Hy ons lewens elke dag dramaties beïnvloed.

Tog wil ek graag saam met jou net weer gaan seker maak of jy beseft hoe stewig die feitebasis is waarop jou geloof in Jesus staan. Ons hoef nie maar net in Jesus te bly glo omdat ons ouers in Hom geglo het en ons van Hom vertel het nie. Ons kan in Jesus en die verhale oor Hom glo omdat ons glo dat ons rasioneel nie anders kan in die lig van die magdom getuienis oor Hom nie.

Daarom wil ek graag saam met jou gaan kyk na die stewige fondasie waarop ons ons geloof oor die persoon van Jesus gebou het. Kom ons probeer dit kortliks saamvat:

Bykans 2000 jaar gelede het Jesus die menseras binnegetree in 'n klein Joodse gemeenskap daar in Betlehem. Hy was lid van 'n baie arm huisgesin en deel van 'n minderheidsgroep destyds, in een van die kleinste lande in die wêreld. Hy het net sowat 33 jaar gelewe as mens, waarvan net 3 jaar in die openbare oog was. En tog weet feitlik elke mens op aarde tans van Hom. Selfs die datum op jou koerant elke dag proklameer Sy historisiteit. As vanjaar se jaartal byvoorbeeld die jaar 2000 sou wees, beteken dit letterlik die 2000 ste jaar na die geboorte van Christus. (Eintlik is hulle somme so 'n bietjie verkeerd, want eintlik is dit reeds die jaar 2004 n.C., aangesien Jesus heel waarskynlik 4 v.C. gebore is).

Meer as drie van die grootste wêreldgodsdienste erken die historiese bestaan van Jesus, naamlik die Christendom, Islam en die Judaïsme. En dit ondervind meer as 70% van die wêreld se bevolking.

En tog ...

Is dit nie vreemd dat 'n mens met groot gemak oor enige persoon met mense kan gesels, behalwe oor Jesus. Sodra 'n mens oor Hom begin gesels, word hoevele mense emosioneel of selfs aggressief.

Wat maak Jesus dan so anders?

Op hierdie vraag hoor 'n mens die interessantste antwoorde. Jy hoor mense sê Hy was hierdie wonderlike geestelike leier. Of die grootste profeet wat nog ooit gelewe het. Of die mens wie se lewe die meeste mense wil navolg.

Maar wat Jesus werklik anders maak is wat Hyself oor Homself gesê het.

Hy het baie direk aan mense gesê dat Hy God is. En nie net 'n god nie, maar dié God. Ja, die Een wat die Begin, Voorsiener en Einde van alles is. Hy het aanspraak daarop gemaak dat met ander woorde reeds van voor die skepping af daar was. Ja, het Hy pertinent aan mense gesê, God het in Hom, as Jesus van Nasaret, 'n gewone mens geword.

Hy het aanspraak daarop gemaak dat Hy die Een was van wie die Ou Testamentiese profesieë praat, die Messias wat sou kom. Daarom het hulle Hom die Christus genoem, wat die Griekse vertaling van die Hebreeuse woord "meshiach" was, wat vertaal kan word as "Gesalfde Ene" (vgl. Dan. 9:26). Sy naam "Jesus" bevestig dit, want dit kom van die Hebreeuse woord "jeshua" wat beteken "God verlos". Presies dus wat die Ou Testamentiese profesieë gesê het Hy sou kom doen.

Die hele Nuwe Testament met sy 27 boeke – wat almal binne 50 jaar na die historiese Jesus op aarde gelewe het geskryf is – teken Jesus as die Messias en as God. Vergelyk maar net gedeeltes soos Tit. 2:13; Joh. 1:1; Heb. 1:8; Rom. 9:5; 1 Joh. 5:20,21.

Verder skryf die Nuwe Testament karaktereienskappe aan Hom toe wat net waar kan wees van God. So staan daar dat Hy van altyd af bestaan (Joh. 1:1-4; 14:6); Hy is oral teenwoordig (Mat. 28:20; 18:20); Hy weet alles (Joh. 4:16; 6:64; Mat. 17:22-27); Hy is almagtig (Op. 1:8; Luk. 4:39-55; 7:14,15); en Hy besit die ewige lewe en deel dit uit aan mense (1 Joh. 5:11,12,20; Joh. 1:4).

Jesus self het aangedring en vrede daarmee gehad dat mense Hom as God aanbid en vereer (Mat. 4:10; 14:33; Joh. 5:23; Op 5:8-14).

Die meeste van Sy volgelinge was eens Joodse gelowiges wat Een God bely het, volgens Deut. 6:4. En tog het hulle geglo dat Hy God was wat mens geword het.

Dink byvoorbeeld aan iemand soos Paulus, wat kom uit die skool van die Fariseërs, wat Jesus God noem bv. daar in Hand. 20:28. En Petrus wat daar in Mat 16:16 bely: "U is die Christus, die Seun van die lewende God". En dan het ons nog die getuienis van Tomas die Twyfelaar daar in Joh. 20:26-29.

Die rede waarom die Jode aangedring dat Hy gekruisig moes word was juis omdat Hy gesê het dat Hy God was (Joh. 5:16-18).

Maar ek glo dat dit belangrik is dat elkeen van ons self mooi moet gaan luister na wat Jesus oor Homself gesê het en dit dan self moet beoordeel. Kom ons blaai daar na Joh 10:30-33 toe, en lees wat daar staan :

*"Ek en die Vader is een."*

Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig, maar Jesus sê vir hulle:

*"Op gesag van die Vader het Ek julle talle goeie daade laat sien. Oor watter een daarvan wil julle My stenig?"*

*"Dis nie oor 'n goeie daad dat ons jou wil stenig nie," antwoord die Jode Hom, "maar oor godslastering, omdat jy, wat 'n gewone mens is, jou as God voordoen."*

Dit is belangrik dat jy sal verstaan waarom hierdie Jode so kwaad was. Hulle het verstaan dat Jesus in die Griekse woorde wat Hy gebruik het, gesê het dat Hy en die Vader een en dieselfde was, naamlik God in hulle diepste wese en natuur.

Daarom kon Jesus ook daar in Mark. 2:5 'n stelling maak soos *"My seun, jou sondes is vergewe"*, en dan die man genees as teken daarvan dat Hy God is wat 'n mens se sondes kan vergewe.

Blaai 'n mens verder daar na Mark. 14:60-64 toe, dan hoor jy hoe Jesus hierdie stellings selfs tydens Sy verhoor gemaak het.

Uiteindelik het dit dan ook Sy dood beteken. Dit is uiteindelik waaroor Sy verhoor gehandel het: Naamlik oor die vraag wie Hy, Jesus, werklik was?

Sien, om in Jesus te glo, is nie maar net om te glo dat Hy gelewe en gesterwe het nie. Om in Jesus te glo is om te glo dat God in die mens, Jesus, mens geword het, Immanuel. Is om te glo dat Hy die Seun van God is, die Een wat tans aan die regterhand van die Vader sit, wat die Koning is van alle konings. Is om te glo dat Hy die Een is wat gaan kom op die wolke.

Kan ek daarom vir jou vra: Glo jy werklik al hierdie dinge oor Jesus?



## DEEL 2 EK KAN NIE ANDERS AS OM TE GLO NIE

Baie keer laat moderne, intelligente mense ons as Christene voel asof die keuse om in die Bybel, in God en in die Jesus van die Bybel te glo, die mees onintelligente ding is om te doen. Asof daar geen intelligente, goeie feitemateriaal kan wees om so 'n geloofskeuse te ondersteun nie.

Ek is besig om kursories vir jou juis die teendeel te wys. Om vir jou te wys dat daar 'n magdom betroubare en goeie redes is waarom ek en jy kan glo wat ons glo oor Jesus, die Bybel en God. Dat ons keuse om Christen te wees, nie as 'n onintelligente "geloofsprong in die donkerte in" afgemaak kan word nie. Inteendeel, ek is oortuig dat dit die enigste goeie rasoniele keuse is wat ons kon maak op grond van die feite.

Nie dat ek daarmee sê dat om Christen te word, net 'n rasoniele keuse in die lig van 'n klompie goeie feite is nie. By verre nie. Natuurlik is Christen-word baie meer as net 'n rasoniele keuse. Dit is immers 'n ontmoeting en nuut-word in die kern van jou menswees omdat jy die lewende God in die persoon van Jesus ontmoet het in jou lewe.

Maar daar is beslis sekere feite in die saak betrokke; baie goeie, navors-bare feite. En dit is baie keer hierdie feite wat die Here gebruik om sekere mense te skud, en gebruik as kanaal om by hulle harte uit te kom.

Soms het ek en jy, wat al lank 'n Christen is, ook weer nodig om net weer gekonfronteer te word met die stewige feite-fondasie waarop ons geloofskeuses staan, om "nog sekerder" te word van ons Christen-wees.

Dit is waarmee ek besig is in hierdie gesprekke van ons. In die vorige gedeelte het ek net weer vanuit die Skrif vir jou gewys dat Jesus se andersheid as mens daarin gelê het dat Hy baie pertinent vir mense gesê het dat Hy God is wat mens geword het.

Dit skud mense. Veral diegene wat te bang is om werklik kant te kies oor Jesus. Wat Hom dan maklik as hierdie "beste man wat nog ooit geleef het" of "wonderlike profeet" beskryf.

Maar ons moet besef hoekom mense dit doen: Hulle is te lafhartig om werklik 'n keuse te maak oor Jesus.

C S Lewis, die Chambridge professor en eens-ateïs, sê dit so:

"So baie mense kies lafhartig om net te sê: Ek aanvaar dat Jesus 'n wonderlike groot morele leraar was, maar ek kan nie Sy stellings dat Hy God was, aanvaar nie.

Maar dit is nou die een ding wat ons nie kan kies om te glo nie. Hoe kan 'n mens wat gesê het wat Jesus gesê het, en gedoen het wat Jesus gedoen het, maar net nog 'n groot morele leraar wees? Of Hy is wie Hy gesê het Hy is, of Hy was die malste mens wat ooit geleef het. En dan kan Hy tog nie 'n groot morele leraar wees nie!

Jy moet kies. Jy moet kies om te glo dat Hy 'n totale dwaas en 'n duivel was, en kies om op Hom te spoeg. Of jy moet kies om te glo dat Hy werklik Seun van God, God self was en is, en voor Sy voete neerval en Hom aanbid as Here en God.

Moenie 'n lafaard wees nie. Kies!"

Kenneth Scott Latourette, briljante historikus van die Yale Universiteit, sê dit so:

Dit is nie in die eerste plek Sy lering wat Jesus so besonders maak nie, alhoewel dit skynbaar genoeg is vir sekere mense. Maar dit is eintlik die kombinasie van Sy leringe en wie Jesus in Sy persoon was.

Hierdie twee dinge kan eintlik nie geskei word nie, want vir Jesus self kan Sy boodskap nie geskei word van wie Hy is nie. Ja, Hy was 'n uitstekende leraar, maar ook baie meer as net dit. Ja, die hart van Sy boodskap was oor God se Koninkryk wat aarde toe gekom het, maar die aangrypende van hierdie boodskap was dat Hy Homself as die Koning van hierdie koninkryk aangebied het, omdat Hy pertinent gesê het dat Hy God self is."

Jesus het gesê dat Hy God is wat mens geword het.

Hierdie stelling van Hom maak dat ons nie net kan sê Hy was hierdie "goeie mens" of "beste leraar" nie. Maak dat ons moet besluit wie Jesus vir ons is. Soos Hy soveel keer sy dissipels en die skare uitgedaag het om te doen. Soos daar in Mat. 16:15 byvoorbeeld.

Ons moet besluit: Of Jesus het gelieg toe Hy gesê het Hy is God, of Hy het nie, en dat dit waar is.

Was Hy 'n leuenaar?

As Jesus nie God was nie, het Hy doelbewus Sy volgelinge en die skare belieg toe Hy gesê het Hy is God wat mens geword het.

En as Hy dan 'n leuenaar was, was Hy ook 'n bedrieër. Hy het immers die mense gereeld vertel dat hulle onder alle omstandighede die waarheid moet vertel, al kos dit watter prys ook.

Maar as Hy 'n leuenaar was, dan was Hy selfs meer as net 'n leuenaar. Dan was Hy demonies, want Hy het mense die ewige lewe belowe.

Maar dan was Hy ook die grootste dwaas wat daar was, want Sy stellings dat Hy God was, het Hom uiteindelik sy lewe aan 'n kruis gekos. En watter pynlike dood om te sterf, terwyl jy weet dat jy vir 'n leuen sterf!

Dan wil baie mense nog sê dat Hy hierdie groot leraar en profeet was, terwyl hulle nie Sy woorde glo dat Hy werklik God self is nie! Dit maak mos nie sin nie. As jy sê Hy is 'n leuenaar, dan is Hy net 'n leuenaar, en niks anders nie.

En watter buitengewone leuenaar was Hy dan nie! Dan was Hy hierdie leuenaar wie se woorde en daade 100% geklop het. Dan was Hy 'n leuenaar wat in mense se lewens ingesprek het, en daarmee hulle hele lewe verander het: Diewe het eerlike burgers geword; en gehate mense in die gemeenskap het skielik kanale van liefde geword.

William Lecky, 'n bekende historikus, verklaar dat Jesus in sy 3 jaar openbare lewe 'n groter invloed gehad het op die hele geskiedenis van die mensdom oor alle eeue as enige ander filosoof of mens nog ooit.

Phillip Schaf sê: As Hy 'n leuenaar was, wat 'n merkwaardige leuenaar was Hy dan nie! Om met so 'n merkwaardige gebalanseerdheid, elke vraag wat aan Hom gevra is, te antwoord.

En dan was daar nog die kalmte en die bonatuurlike vooraf-wete waarmee Hy sy eie dood, en – kan jy glo – sy eie opstanding uit die dood, die uitstorting van die Heilige Gees, die vernietiging van Jerusalem en die tempel vooraf voorspel het!

Philip Schaf sluit af deur te vra: As Jesus net 'n leuenaar was wat die wêreld wou verander, waarom mors Hy soveel tyd in Israel, een van die kleinste landjies in die wêreld? Waarom sê Hy dan wat Hy sê en doen Hy wat Hy doen?

Iemand wat die lewe geleef het wat Jesus geleef het, en gesê het wat Jesus gesê het, en gesterf het soos Jesus gesterf het, kon nie maar net nog 'n leuenaar gewees het nie.

Was Hy dan totaal van sy verstand af, 'n mal mens, soos ons in die omgangstaal sê?

Wel, as Hy nie 'n leuenaar was nie, kon dit maar net wees dat Hy net Hom vergis het deur te dink dat Hy God is?

Maar om te dink dat iemand, wat hom net vergis het, dit boonop waag om in 'n monoteïstiese kultuur soos in Israel, aanmekeer te sê jy is God, en boonop aanmekeer dinge te sê en te doen wat net God kan doen, is niks anders as fanaties, en die dade van 'n volslae beserkte mens nie!

Ja, daar is mense wat dink hulle is Napoleon, maar dan is daar ook genoeg ander getuies wat ons help om te besef dat ons hier te make het met iemand wat nie verstandelik heeltemal normaal is nie. Wat ons help om te besef dat hy/sy in 'n fantasiewêreld van hul eie lewe.

Kyk en luister 'n mens na Jesus, lyk en klink Hy beslis nie soos iemand wat in 'n fantasiewêreld van sy eie leef nie. Inteendeel.

Boonop het hoevele mense met sielkundige afwykings, of mense wat vir jare in 'n fantasiewêreld van hulle eie geleef het, reeds totaal herstel deur net te luister na die woorde van Jesus!

Geestelik versteurd was Jesus beslis nie.

Uiteindelik moet 'n mens dus vra: Of was Hy dan wat en wie Hy gesê het Hy is?

As ek persoonlik hierdie vraag moet beantwoord, sal ek dit graag soos volg wil doen:

Ek kan op geen manier ooit verklaar dat Jesus 'n leuenaar of geestelik versteurd was nie. Nie op grond van al die gegewens wat ek oor Hom het nie. Dit laat my uiteindelik met net een ander logiese keuse en dit is om te glo dat wat en wie Hy gesê het Hy is, die waarheid is.

Ek het geen alternatief as om te glo as Hy sê Hy is God wat mens geword het nie. Ek het geen ander keuse as om te glo dat Hy die Here en die Verlosser is wat gekom het om ook my te kom verlos nie.

Gesels 'n mens met die meeste Jode oor Jesus, is die meeste van hulle baie trots daaroor dat Jesus 'n Jood was. Die meeste sal sê dat Hy 'n goeie, opregte godsdienstige man of selfs 'n soort profeet was. Deel 'n mens dan met hulle hierdie stof wat ek met jou vandag gedeel het, en vra jy hulle of hulle glo dat Hy 'n leuenaar was, sê almal feitelik deur die bank dat hulle dit nie glo nie. Vra jy of hulle dan dink dat Hy 'n mal mens was, sê hulle weer nee. Maar vra jy dan of hulle dan glo dat Hy God is wat mens geword het, ontken hulle dit ook skerp.

Maar wat hulle nie beseef nie, is dat jy net soveel keuses het. Of Hy was 'n leuenaar of versteurde mens, of Hy was wie Hy gesê het Hy is.

Wie glo jy is Hy?

Daarom wil ek vandag afsluit met die woorde van Johannes, een van sy tydgenote, daar in Joh. 20:31 wat gesê het:

*“Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.”*

Lyk vir my die feite bewys dat Jesus God was wat mens geword het. Baie mense verwerp egter hierdie bewyse omdat dit geweldige implikasies het vir hulle en ander se lewens. Daarom sien hulle nie kans vir die verantwoordelikheid om Hom Here te noem nie.

## DEEL 3 JESUS VERANDER MENSE

Volgens die beste navorsing en berekening wat ons tot ons beskikking op hierdie stadium het, het Jesus se geboorte daar in Betlehem op die eerste dag van die Fees van die Tabernakels plaasgevind, 9 Oktober, 4 voor Christus. (Ons herdenkingsfees op 25 Desember is dus bloot die herdenking van hierdie ontsagwekkende gebeure).

Wat my aangryp in my nadenke oor hierdie gebeure is dat die Jesus wat tydens hierdie gebeure gebore is, nie net die kindjie-eens-in-die-krip was nie, maar dat Hy die lewende God is wat mens geword het om tussen ons te kom woon. Wat gekom het as die beloofde Verlosser om Sy lewe te gee vir 'n verlore-gaande mensdom. En wat opgestaan het uit die dood en dus nog steeds lewe. Daarom kan ek en jy met Hom 'n daaglikse verhouding hê as Koning en Here.

Vir hierdie geloof was miljoene mense deur die eeue bereid om te sterwe omdat dit hulle lewens verander het.

Een van die dinge wat baie kritici teen die Christendom miskyk, is die merkwaardige verandering wat in die lewe van mense plaasvind as hulle begin glo dat Jesus nog steeds lewe. Dink maar net aan die eerste dissipels van Jesus byvoorbeeld. Hulle is immers ons primêre getuies oor die woorde en lewe van Jesus.

Vra 'n mens jouself af of hulle getuienis oor Jesus en die gebeure rondom Hom, werklik betroubaar is, is my oortuiging ja. Veral as jy onthou dat 11 van die eerste 12 daar in die begin, gesterf het as martelaars oor een van 2 dinge: Of oor hulle getuienis dat Jesus opgestaan het uit die dood, of oor hulle geloof dat Hy werklik die Seun van God in lewende lywe was.

Ons het immers genoegsame getuienis dat hierdie 11 almal gemartel en gesel is juis omdat hulle dit geglo het, en daarna vermoor is op die wreedaardigste wyses moontlik. Kom ek noem hulle vir jou op:

- Petrus is gekruisig
- Andreas is gekruisig
- Jakobus, seun van Alfeus, is gekruisig
- Fillipus is gekruisig
- Simon is gekruisig
- Bartlomeas is gekruisig
- Jakobus, broer van Jesus, is gestenig
- Taddeus is doodgeskiet met pyle

- Tomas is met 'n spies vermoor
- Jakobus, seun van Sebedeus, is met die swaard doodgesteek
- Matteus is met die swaard doodgesteek

Van die 12 eerste dissipels was dit dus net Johannes wat 'n natuurlike dood gesterf het.

Hoekom is dit belangrik om te weet?

Omdat dit onmiddellik die vraag op die tafel plaas van hoekom al hierdie mense bereid sou wees om so te sterf as alles rondom Jesus, en veral Sy opstanding uit die dood, maar net leuens was?

Natuurlik het baie mense in die geskiedenis al gesterf terwyl hulle leuens geglo het. Maar my argument is juis dat hulle bereid was om te sterf omdat hulle werklik geglo en persoonlik ervaar het dat Jesus regtig opgestaan het uit die dood.

'n Paar ander dinge in die verband wat van belang is, is die volgende:

Hierdie manne het geskryf en gepraat as getuies van die gebeure wat hulle beskryf het. So hoor ons Petrus daar in 2 Pet. 1:16 sê: *“Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien.”*

So hoor ons ook vir Johannes getuig daar in 1 Joh. 1:1-3: *“Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.”*

Hoor ook hoe Lukas daar in Luk. 1:1-3 sê: *“Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.”*

En dan gaan hy daar in Hand. 1:1-3 voort: *“My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.”*

Die hart van hierdie getuienis oor Jesus was dus dat hulle getuies was van Sy opstanding uit die dood. Luister maar self hoe hulle hieroor getuig daar in Luk. 24:48; Joh. 15:27; Hand. 1:8; 2:24,32; 10:41; 13:31; 1 Kor. 15:4-9, 15 ens.

Hierdie einste dissipels het daar in die begin self nie geglo dat Hy opgestaan het nie. So lees ons hoe hulle gaan wegkruip het (Mark. 14:50), en hoe hulle getwyfel het. Dit was eers nadat hulle met hulle eie oë Jesus self gesien het, wat hulle geglo het – soos Tomas daar in Joh. 20:24 e.v. Hy het immers self gesê dat as hy nie met sy eie hande kan vat en met sy eie oë kan sien nie, sou hy nie glo nie. Tomas sou dus beslis nie bereid wees om te sterf hiervoor as dit net 'n leuen was nie.

En dan was daar Petrus, die man wat Jesus 3 keer verloën het tydens Sy verhoor. Sou hierdie man, as Jesus nie werklik aan hom verskyn het nie, so manmoedig opgestaan het op Pinksterdag om te sê wat hy gesê het, as dit maar net alles 'n leuen was? Hoe verklaar 'n mens dan verder die geweldige veranderinge wat daar in sy lewe plaasgevind het na Pinksterdag, as dit nie alles die waarheid was nie?

En dan was daar Jakobus, Jesus se eie broer. Hier het ons iemand wat teen sy eie wil in oortuig geraak het van Jesus (Mat. 13:55; Mark. 6:3). Hy was nie eers van die begin af een van die 12 nie, maar tog is hy later as een van die apostels gereken (Gal. 1:19). Toe Jesus nog geleef het, het hy nie eers geglo dat Jesus werklik die Seun van God kon wees nie (Joh. 7:5). Heel waarskynlik het hy saam met sy ander broers en susters Jesus gespot oor al die dinge wat Hy oor Homself gesê het.

Maar iets het met Jakobus gebeur wat gemaak het dat ons hierdie selfde Jakobus as een van die geestelike leiers – kan jy glo – van die Vroeg Christelike gemeente daar in Jerusalem, kort na Jesus se kruisiging en begrafnis, hoor en sien. En wat is die hart van sy boodskap? Naamlik dat Jesus vir ons sondes gesterf het en opgestaan het, en nou lewe. So hoor ons daar in Jak 1, in sy brief, hoe hy homself voorstel as *“Van Jakobus, 'n dienaar van God en die Here Jesus Christus.”*

Uiteindelik het hierdie selfde Jacobus 'n martelaarsdood gesterf toe hy gestenig is deur Ananias, die hoëpriester.

'n Mens kan dus die vraag tereg vra: Het Jacobus maar gesterf as iemand wat net leuens geglo het? Nee, sê Paulus daar in 1 Kor. 15:7. Jakobus se lewe het verander omdat hy self Jesus na sy opstanding in lewende lywe gesien het.

Miskien is een van die mees oortuigende bewyse dat ons nie hier met leuens te make kan hê nie, die feit dat derduisende mense se lewens so radikaal verander het kort na Jesus se kruisiging en begrafnis.

In die tydperk van 'n bietjie meer as 'n maand (40 dae) kon Paulus meer as 500 mense se name opnoem wat Jesus lewendig gesien het. In die volgende 10 dae daarna is eers 120 mense se lewens radikaal verander; en op daardie selfde dag toe 3000 ander; en 2 dae daarna nog 2000 ander. En so het dit aangehou.

En het hulle lewens nie verander nie! Soveel so dat hulle bekend daarvoor geraak het as mense wat soos Jesus lyk en lewe! Ja, as diegene wat met die liefde van Jesus alles met mekaar begin deel het.

Verder was hierdie duisende bereid om te sterf vir hulle geloof dat Jesus uit die dood opgestaan het. En nie klippe, of leeus, of brandstapels, kon hulle oortuig om dit te verloën nie. Inteendeel, as hulle nie doodgemaak is nie, het hulle onmiddellik weer straat toe gegaan en aangehou om vir die mense te vertel dat Jesus leef.

Dit laat Michael Green sê: Net 'n Jesus wat werklik opgestaan het en lewe, kon daardie klompie bang dissipels - wat weggekruipt het na Jesus se kruisiging - verander in die brawe, entoesiastiese bende manne en vroue wat bereid was om elke vorm van opposisie, sinisme, spot, gevangenskap, en dood op 3 kontinente te trotseer terwyl hulle oral Jesus en sy opstanding verkondig het.

Dink jouself in die skoene van die dissipels in. Op die dag van die kruisiging was hulle hart en moed gebreek, want die Jesus, op wie hulle vir 3 jaar gehoop het, was dood. En kan jy dink, 3 dae daarna, borrel hulle met sekerheid en hoop dat Jesus wel Verlosser en Here is. Met hierdie hoop vat hulle selfs 'n twyfelende Tomas aan. En na hom, derduisende ander. Om nooit weer iets anders te glo as dat Jesus wel opgestaan het uit die dood en dat Hy steeds lewe nie.

Hulle getuienis in hierdie verband was so kragtig dat derduisende ander mense, in die bestek van 'n paar dae, radikaal tot bekering kom.

Ek wil afsluit. Origenes, die historikus, meld dat Petrus gekies het om kop na onder gekruisig te word, omdat hy "nie homself waardig ag om te sterf soos sy Heer en Meester nie".

Sou jy bereid wees om vir die "kindjie-in-die krip" te sterf as Hy nie werklik uit die dood opgestaan het nie?

Lewe jy dat mense kan sien en beleef dat jy in 'n daaglikse persoonlike liefdesverhouding met Hom is?



## DEEL 4 LUISTER NUUT NA DIE KERSBOODSKAP

Kom sit hier by my dat ek jou weer die ou bekende verhaal kan vertel. Asseblief, ek weet jy ken dit goed. Maar luister daarna asof jy dit vir die eerste keer hoor ... soos 'n kind.

Luister hoe vertel Luk. 1:26-35 dit:

*"In die sesde maand van Elisabeth se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. Toe die engel by haar kom, sê hy: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou." Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie." Maar Maria sê vir die engel: "Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?" Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God."*

Daar was so 'n gedruis daar in Betlehem toe hulle daar aankom die dag. Almal was daar. Almal uit die stam van Juda. Almal het kom registreer vir die verkiesing omdat die keiser so besluit het. Hy is net soos die weer. Een oomblik dit en die volgende oomblik dat. Almal moet net spring. Hy dink immers nie aan al die ontwrigting nie. Meeste van die mense is immers boere, en hoe kan 'n boer nou sommer so weggaan van sy boerdery.

Boonop is Maria swanger en op haar laaste. Dit was al klaar die afgelope paar maande hel vir hulle. Al die praatjies en al die vrae. Hoe vertel jy nou aan mense wat die engele gesê het! Dat dit nie 'n gewone baba hierdie is wat op 'n gewone manier gekom het nie. Dat sy swanger gemaak is deur die Gees van God self!

Josef skud maar net weer sy kop. Hy is maar net 'n gewone boer en immers die verloofde van Maria. Hy sal tog weet, maar selfs vir hom is dit nie elke dag ewe maklik om te glo nie. Hy onthou maar nog te goed al sy twyfel en agterdog daar in die begin ... Totdat die engel self aan hom verskyn het.

Mat. 1:18-25 vertel hiervan:

*"Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus. Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom. Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek. Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here*

*deur sy profeet gesê het, vervul sou word: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons. Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met haar getrou. Hy het egter nie met haar omgang gehad voordat sy haar Seun in die wêreld gebring het nie. En Josef het Hom Jesus genoem."*

Nou is hulle hier. Hier in Betlehem, soos die profesieë gesê het. Dat die Een wat moet kom, die Messias, hier gebore gaan word. Maar dit is chaos. Daar is nêrens plek vir hulle nie. Al die hotelle is vol en Maria is op haar laaste. Hulle moet êrens 'n dak oor hulle kop kry.

Dan sê die een man – uit pure jammerte seker - dat daar plek is waar sy diere oornag, en as dit goed genoeg is, kan hulle maar daar bly.

Dit is dan ook daar waar dit die nag gebeur, daar waar die kind gebore word. Jesus. Daar lê Hy ... toegerol in doeke in die krip, of drinkbak van die diere. Omdat daar nie 'n ander bed vir hom was nie.

Jesus. Elke keer as hy die naam sê, sidder Josef van opgewondenheid. Verlosser. Immanuel. God met ons.

Vroeg die volgende oggend was die herders daar. Watter verhaal het hulle nie om te vertel nie.

Luk. 2:9-14 vertel die deel van die verhaal:

*"Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik. Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê." Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"*

Kan jy glo? Engele wat aan hulle verskyn het daar waar hulle die paaslamms opgepas het! Wat vertel het van die Kind wat gebore is die nag! Dat Hy die Messias is waarop almal so lank al wag.

Daarom móés hulle net kom. Om aan Hom hulde te bewys. Na baie gesoek, het hulle Hom gekry daar in Betlehem. In doeke toegerol en in 'n krip, soos die engele gesê het.

Daarna was dit die sterrekykers uit die Ooste. Met nog 'n merkwaardige verhaal: Van 'n ster wat hulle vertel het van die geboorte van 'n koning. En hoe hierdie ster hulle gelei het tot hier.

Dit is maar enkele van die merkwaardige verhale oor Sy geboorte. Maar dit is Sy lewe, Sy dood, en Sy opstanding wat miljoene mense se lewens oor bykans 2000 jaar verander het. Wat my lewe verander het.

Soos dit daardie seuntjie in Chicago se lewe sou verander. Kom ek vertel jou van hom.

Van die yskoue nag toe die wind snerpnd koud gewaai het deur die stad. 'n Straatkind was besig om op die hoek van die straat koerante aan die mense te verkoop wat in en uit hardloop om hulle laaste kersinkopies te doen.

Later het hy so koud gekry dat hy net nie meer koerante kon verkoop nie. Hy stap toe na 'n polisieman en vra hom: Meneer, u weet nie dalk van 'n plekkie waar 'n arm seuntjie soos ek êrens kan gaan slaap uit die koue vannag nie? U sien, ek slaap hier om die hoek in 'n groot kartondoos, maar daar sal ek doodgaan vannag in hierdie koue.

Die polisieman kyk af na die seuntjie en sê: Loop net af in hierdie straat tot by daardie groot wit huis, klop aan die deur en as iemand oopmaak, sê jy net "Johannes 3:16" en hulle sal jou laat inkom.

Dit doen hy toe. Hy stap op teen die trappies, klop aan die deur en 'n vroujie maak oop. "Johannes 3:16" sê hy.

"Kom in" sê sy. Toe neem sy hom en maak hom sit in 'n groot leunstoel voor die ou vuurherd en toe gaan sy aan met haar werk.

Terwyl hy daar lekker warm voor die vuur sit, sê hy vir homself: Van Johannes 3:16 verstaan ek niks, maar dit kry ten minste reg om 'n koue seuntjie lekker warm te maak.

Later kom sy terug en vra hom: "Is jy honger?" Waarop hy antwoord: "Ja, so 'n bietjie. Ek het die afgelope paar dae nie geëet nie, en ek kan seker doen met 'n bietjie kos."

Die vrou neem hom kombuis toe en laat hom aansit by 'n reuse tafel vol van die wonderlikste kos. Hy eet en eet tot hy voel sy maag gaan bars. Dit is toe dat hy by homself dink: Van Johannes 3:16 verstaan ek niks, maar dit kry reg om 'n honger seuntjie lekker versadig te laat voel.

Sy neem hom daarna boontoe, na 'n badkamer met 'n reuse bad vol warm water; laat hom inklim en daar laat sy hom week. Terwyl hy so lê en week in die water, dink hy by homself: Van Johannes 3:16 verstaan ek niks, maar dit kry reg om 'n baie vuil seuntjie lekker skoon te maak. My hele lewe het ek nog nooit in 'n regte bad gebad nie. Die enigste bad – as jy dit 'n bad kan noem – was daardie keer toe hulle die ou watertenk onder in die straat skoon gemaak het.

Die vroujie kom toe in, droog hom af en laat hom aantrek. Toe neem sy hom na hierdie slaapkamer en sit hom 'n 'n reuse verebed. Daar maak sy hom toe met die komberse tot teen sy nek, soen hom goeie nag en sit die ligte af.

Terwyl hy daar in die donkerte lê en uitkyk by die venster na waar dit besig is om te sneeu, dink hy by homself: Van Johannes 3:16 verstaan ek niks nie, maar dit het beslis 'n baie moeë seuntjie 'n rusplek gegee.

Die volgende oggend het die vroujie hom kom wakker maak en weer laat aansit by dieselfde groot tafel vol kos. Nadat hy geëet het, het sy hom weer laat sit op daardie groot leunstoel voor die vuurherd. Toe het sy 'n groot Bybel opgetel en voor hom kom sit, hom in sy oë gekyk en gevra: Verstaan jy Johannes 3:16?

Nee, Mevrou. Ek het dit die eerste keer in my lewe gehoor toe die polisieman gesê het ek moet dit vir u kom sê.

Toe maak sy die Bybel oop by Johannes 3:16 en begin hom van Jesus vertel. Daar voor die vuurherd het hy sy lewe vir Jesus gegee. Daar het hy vir homself gesê: Ek verstaan nog nie regtig Johannes 3:16 nie, maar dit het beslis 'n baie verlore seuntjie baie veilig laat voel.

Weet jy, ek moet bely, ek verstaan ook nie aldag die volle impak van Johannes 3:16 nie. Ek verstaan byvoorbeeld nie hoe God, die Vader, Sy Seun, Jesus, kon stuur om vir my te kom sterf en hoe Jesus daartoe kon instem nie. Ek verstaan niks van die pyn van die Vader en elke engel in die hemel toe hulle moes stilsit terwyl Jesus so ly en sterf nie. Ek verstaan niks van die intense liefde wat God vir my moes hê om toe te laat dat Jesus daar aan die kruis bly hang het totdat Hy dood was nie. Ek verstaan niks daarvan nie, maar dit het my lewe verander.

Mag Joh. 3:16 weer werklik vir jou terugding na die hart van die Evangelie:

*"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."*

## DEEL 5 JESUS IS NIE MEER DIE KINDJIE IN DIE KRIP NIE

Soms daag die Here my uit om bekende Skrifwaarhede te neem en Hom te vertrou om deur Sy Gees my te help om dit nuut te verwoord. Nie dat ek daarmee my aanmatig om te dink dat ek dit elke keer reg verwoord nie ...

Maar ek glo dat deel van “nuwe wyn-bediening” is om te waag om ou bekende Skrifwaarhede in ‘n nuwe woord-houer te sit met die gebed dat die Here, deur die werking van Sy Gees, dit weer vir mense nuwe betekenis sal laat kry.

Tans bevind ons ons in die tyd in die Liggaam van Jesus in die seisoen waarin ons weer opnuut mediteer oor Jesus en Sy lyding tydens Sy menswees op aarde.

Ek het weer so onder die indruk gekom dat mense so geneig is om, as hulle oor Jesus dink, aan Jesus, die mens, te dink. Maar wat hulle nie besef nie, is dat Jesus, die mens, net ‘n skadubeeld is van die Jesus wat ek en jy nou aanbid, wat ons nou dien en vertrou met ons lewe.

Kom ons lees in hierdie verband dit wat daar in Fil. 2:6 ev staan: *“Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ‘n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.”*

Die Griekse werkwoord “kenoö” is in die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal met : “Homself verneder”. Die Ou Vertaling het dit vertaal met “ontledig”. En dit is presies die prentjie wat Paulus aan ons hart wil vasmaak oor wat dit vir Jesus gekos het om mens te word.

Besef jy dat die Seun van God letterlik Homself letterlik moes stroop om ‘n mens te word?

Luister hoe teken Paulus Jesus, die Seun van God, voor Sy menswording, daar in Kol. 1:15 ev.: *“Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.”*

Eers as jy iets raaksien van Jesus voor Sy menswording, kan jy iets probeer verstaan wat Paulus daar in Fil. 2:6 en 7 vir ons sê. Hoe Jesus as’t ware Sy “kleed van heerlikheid” moes uittrek, Homself as’t ware moes leegmaak ... uitgooi ... om te kon “pas” in ‘n gewone

menselyf. Soveel so dat duisende mense gedurende die dertig jaar of wat, wat Hy in hierdie mense-lyf was, na Hom kon kyk en net 'n gewone mens kon raaksien ... Terwyl hulle inderwaarheid na God self gekyk het.

Eintlik is dit vir ons klein plat koppies onmoontlik om die omvang hiervan te verstaan. Hoe gouer ons dit besef, hoe makliker word dit om in die geloof net hierdie waarhede vas te gryp en te bely.

Al wanneer mense iets van hierdie "weggesteekte heerlikheid" tydens Sy menswees gesien het, was as Hy wonderwerke gedoen het. Of daar op die berg – onthou jy – waarvan Mat. 17 ons vertel, toe Hy voor die oë van Sy drie dissipels verander het. Hoe sê Matteus: *"Daar het sy voorkoms voor hulle oë verander: sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig."*

En ek het so gedink aan dit wat Johannes daar op die eiland Patmos gesien het in Openbaring 1 toe hy Jesus soos volg beskryf: *"Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat. En toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien en tussen die lampe iemand soos die Seun van die mens. Hy het 'n lang kleed aangehad en 'n goue band om sy bors gedra. Die hare op sy kop was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam. Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa. In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn. Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk."*

Ek lees weer hierdie afgelope week hoe Jesus daar in Joh. 12:23 – so 'n week voor Sy kruisiging en opstanding – die volgende sê: *"Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in."*

Maar lees net die aangrypende gebeure wat hierna volg – daar van vers 25 af en verder: *"Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou. As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer. "Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. Vader, verheerlik u Naam!" Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: "Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik." Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: "'n Engel het met hom gepraat." Toe sê Jesus: "Hierdie stem het nie om my ontwil gekom nie, maar om julle ontwil. Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe. En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek."*

Wat my net weer aangegryp het, was dat Jesus se lyding aan die kruis die pad was waarmee God Satan en sy magte, hoe staan daar, "uitgooi na buitentoe".

So het Hy die oorwinning ten volle behaal wat ons volle oorwinning verseker.

As ons dus na Jesus tydens Sy verhoor en aan die kruis dink, moet ons aan Hom as die koringkorrel in die grond dink. Wat dan binne drie dae ryp op die land staan ... terug in Sy

volle heerlijkheid as Seun van God, gereed om weer Sy posisie aan die regterhand van Sy Vader in te neem. Om, hoe sê Paulus daar in 1 Kor. 15:25, as koning te heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het.”

Ek wil afsluit met die woord van Paulus daar in 2 Kor. 3:18 waar hy sê dat dit die Heilige Gees se werk is om iets van die heerlijkheid van hierdie Jesus, as die opgestane, verheerlikte Here en Koning, in ons lewens te laat deurbreek.

*Luister hoe sê hy dit: “Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”*

Die Jesus wat in jou en my woon, deur die werking van Sy Gees, is nie heeltemal dieselfde Jesus wat die Jode destyds daar in Palestina gesien het nie. Nee, Hy is die verheerlikte Jesus, die Koning van alle konings, wat op die troon sit en heers.

Die Jesus wat ek en jy met ons lewe vertrou, wat ons lei met Sy stem, in wie se Naam ons optree as ambassadeurs, is hierdie verheerlikte Jesus, voor wie alle magte moet buig ... en voor wie die bose, as verslane vyand, moet wegvlug.

## DEEL 6 BEKLEË JULLE MET DIE HERE JESUS

Ek wil graag aansluit by dit wat ek in die vorige gedeelte met jou gedeel het.

Ons staan in hierdie seisoen as Liggaam van Jesus stil by die lyding, kruis- en opstandingsgebeure rondom Jesus.

Verlede keer het ek met jou daardie woord oordink daar in Fil. 2:6, naamlik dat Jesus Homself moes “ontledig” om mens te word. Om te kan “inpas” in ‘n menselyf. Daarom was dit dat wat die dissipels en die skares van Jesus, Sy krag en heerlijkheid te siene gekry het – selfs ten tye van Sy wonderwerke en genesingsdade – net ‘n fraksie of ‘n sprankie van Sy werklike heerlijkheid.

Dit was werklik eers na Sy opstanding, en na Sy hemelvaart, wat die sluiers weggetrek was sodat mense werklik kon sien en ervaar wie Jesus Christus, die Seun van die lewende God, werklik in Sy volle omvang is.

In Joh. 17:1 tot 5 hoor ons hoe Jesus die volgende gebed tot Sy Vader - so 2 of 3 dae voor Sy kruisiging - bid: *"Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen. Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."*

Hoor jy hoe Hy sê: Vader, Ek het gedoen waarvoor Ek gekom het. Dan hoor ons Hom daar in vers 13 verder sê: *"Maar nou kom Ek na U toe..."* Om weer Sy plek van heerlijkheid in te neem, in Sy volle glorie as Seun van God, as God.

*"Dit is tot julle voordeel ..."* hoor ons Hom daar in Joh. 16:7 en 12 tot 14 sê. *"Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.... Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."*

*"Hy sal My verheerlik ..."* En in hierdie proses *"... sal julle My weer sien ..."* (vers 16). ‘n Mens sou ook kon verstaan: Dan sal julle My as’t ware op ‘n nuwe wyse sien. Asof van nuuts af. Want dan sal julle My as die verheerlikte Here sien!

Dan waarsku Jesus Sy dissipels dat die volgende paar dae vir hulle aaklig gaan wees. Jja, dat hulle soos ‘n vrou in pyn voor die geboorte van haar baba gaan voel. Totdat die lig deurbreek en hulle, asof vir die eerste keer, werklik Jesus sal sien. En na dit sal niemand hulle blydschap kan wegneem nie! (vers 19-22).



*“Van daardie dag af sal julle in my Naam bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie, want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefhet en glo dat Ek van God gekom het.” (vers 26-27)*

Daar sal ‘n nuwe intimiteit tussen gelowiges en hulle Vader deurbreek wat ten minste ook beter kommunikasie met die Vader gaan meebring.

Dit is altyd vir my merkwaardig om die Johannes-evangelie te lees en te sien hoe Johannes, onder God se inspirasie, dinge op ‘n merkwaardige manier inmekaar-in-weef.

Daar in Johannes 1:18 het hy ons vertel dat Jesus na ons gekom het as die “Een wat al die tyd teen die bors van die Vader gelê het” – wat dus werklik Sy hart verstaan het. Daarom is Hy die Een wat met gesag en eie ervaring ons iets van die Vader se hart kom vertel het tydens Sy menswees.

En toe Hy klaar daarmee was, het daar ‘n tyd gekom wat Hy moes teruggaan na Sy Vader toe. Om – hoe sê Hy daar in Joh. 14:2 – *“...vir julle plek te berei.”*

Waar moet Hy dan vir ons plek voorberei?

Natuurlik ook teen die bors van die Vader, om, soos Hy, die hartklop van die Vader permanent te hoor. En om Sy liefde vir ons te ervaar sekonde vir sekonde, dag vir dag. *“Dan sal julle blydschap volkome wees.”*

Maar dit het ‘n kruis gekos om hierdie pad vir jou en my voor te berei en hierdie voorreg ook vir ons toeganklik te maak.

Besef dit as jy in hierdie dae voor die kruis in herinnering staan!

Maar dank God ook vir Sy Gees wat in jou woon, wat die heerlijkheid van Jesus, en die hart van God vandag en môre en oormôre aan jou wil bekend maak!

Dit is tog ook wat daar in Joh. 17:24 staan as ons lees hoe Jesus bid: *“Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlijkheid kan sien, die heerlijkheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.”*

Waarom vertel ek hierdie dinge weer vir jou? Net sodat jy weer met nuwe oë na Jesus kan kyk ...?!

Ja, dit ook. Maar ook sodat jy kan verstaan waarmee die Heilige Gees in jou lewe tans besig is. Dat dit Sy primêre taak is om jou met nuwe oë na Jesus te laat kyk, maar ook om iets van die heerlijkheid van hierdie opgestane Jesus in jou lewe van elke dag sigbaar te maak.

Dit is immers wat ons daar in 2 Kor. 3:18, onder andere, lees. *“Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”*

En hoe gaan die Gees van God dit doen?

Soos Jesus Homself moes “ontledig” om in te pas in ‘n menselyf, gaan die Gees van God ons help “uittrek” om iets van die heerlijkheid van Jesus “aan te trek”.

Kyk maar weer wat daar in Ef. 4:22 tot 24 hieroor staan as Paulus die volgende sê: *“Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.”*

Hy gaan ons help om ons “ou mens uit te trek” sodat daar plek is vir die “nuwe mens”, vir die karakter van Jesus, vir die beeld van Jesus, deur die werking van die Heilige Gees in ons lewens.

Dan sal mense die “vrug van die Gees” in ons lewens kan sien (Gal. 5:22,23).

Dan sal mense Jesus, Sy liefde, Sy vrede, Sy blydschap, Sy geduld ... ensovoorts ... in ons lewens sien.

Dan sal mense iets van Sy heerlijkheid en Sy krag in ons lewens aan die werk sien en Hom verheerlik.

Ek hoop jy hoor mooi wat ek sê, en sê saam met my: Dankie, Here. Maar ook “Eina, Here” ...

Ek glo dat dit is wat tans in baie van ons se lewens aan die gang is. God is besig om, deur die werking van Sy Gees, gemors uit te gooi! Hy is besig om plek te maak ... Sodat Hy ons kan vol maak met iets anders!

G’n wonder die Bybel noem ons as gelowiges die “liggaam van Jesus” nie, want dit is die werk van die Heilige Gees om ons leeg te maak van onself, en om ons vol te maak met die “lewe van Jesus”.

Sodat ons die werk van Jesus in hierdie wêreld kan voortsit.

En sodat mense na ons kan kyk en werklik die lewe en die heerlijkheid van ‘n opgestane Jesus in ons kan sien en ervaar.

Wat ‘n voorreg, maar watter verantwoordelikheid!

## DEEL 7 SODAT DIE WÊRELD SY HEERLIKHEID SAL SIEN

Die Vader wil ons, as die Liggaam van Jesus, vul met Sy lewe, Sy karakter en Sy heerlikheid.

Dit is wat daar in Ef. 4:9 en 10 onder andere staan as Paulus sê ...” Hierdie uitdrukking: *”Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul”*

Wat my aangryp is dat Jesus mens geword het, en na Sy opstanding uit die dood opgevaar het om Sy posisie van heerlikheid – soos voor Sy menswording - weer in te neem. Om een rede, naamlik om “alles te vul”. Met ander woorde om alles vol te maak met Homself.

Om dit te laat gebeur, moet iets anders gebeur. Moet die wet van verplasing plaasvind in mense se lewens.

Dit gaan letterlik wees soos ‘n glas met olie in, wat vol gemaak word met water. Eers begin die olie boontoe styg soos wat die water meer word, om later uit te loop as die glas te vol water word.

So moet ons “ou mens” en “ou mens-dinge” padgee, verplaas word, soos wat God, die Vader, ons vul met Sy Gees, Sy lewe en Sy karakter, om Sy heerlikheid aan ‘n wêreld om ons te vertoon.

Sodat die wêreld, uiteindelik, net die beeld van die Verheerlikte Here in ons sal sien (vgl 2 Kor. 3:18; Rom. 8:28,29; Ef. 4:14-16).

Ek glo dit is wat tans aan die plaasvind is binne die Liggaam van Jesus. Daarom is God ook besig om die ou wysakke en ou paradigmas oor Sy Liggaam te konfronteer en stadig maar seker uit mekaar te haal, want dit blokkeer Sy heerlikheid in ons lewens.

In Johannes 17 bid Jesus dat die Vader weer aan die wêreld iets van Sy heerlikheid sal vertoon.

En het jy gesien hoe?

Kyk wat sê vers 11 byvoorbeeld: *”Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.”*

En in vers 20 staan dit weer, en in verse 22 en 23 weer.

Daarom is dit belangrik dat ons presies vir mekaar in hierdie tyd moet sê wat die Bybel oor die Liggaam, as houër van Jesus se heerlikheid, te sê het.

Ek wil graag 4 karaktertrekke beklemtoon:

1. Alle Christengelowiges wat Jesus bely as Verlosser en Here, en dit werklik glo met hulle hart, behoort aan die een liggaam van Jesus op aarde (Ef. 4:4).

2. As die Liggaam bymekaar is in byeenkomste, moet daar toerusting van al die gelowiges daar plaasvind sodat hulle kan leer om mekaar en ander te bedien (Ef. 4:11-16)

3. Christus Jesus is alleen die Hoof van hierdie Liggaam (Ef. 1:22; 4:15; 5:23). Hy, en Hy alleen, is die enigste gesag waarvoor mense wat deel van hierdie liggaam is, moet buig

4. In hierdie liggaam het elke gelowige, wat daarvan deel is ('n ledemaat is), 'n funksie (Ef. 4:16).

As ons rondom ons na dele van die Liggaam van Jesus kyk, skok die patetiese toestand van die "houers" waarin die Liggaam van Jesus haarself tans bevind op aarde, 'n mens werklik. En wel om 'n hele klomp redes:

1. God sê ons is "een". Maar tog praat ons steeds baie gemaklik van "kerke" in die "tradisionele dele" van die Liggaam, en van "onafhanklike" gemeentes óf "onafhanklike" bedieninge óf huisgroepies in die meer "vernuwende dele" van die Liggaam.

2. Dan is daar nog boonop die verskynsel van gelowiges wat so seergekry het in die verlede in "kerksisteme", wat niks meer met "die kerk" te doen wil hê nie, en wat maar "op hulle eie" die Here aanbid.

Kom ons sê nou maar vir mekaar reguit: Ongeag watter kant van die spektrum jy sit, al hierdie "verskynsels" of "wynsakke" is gedrogte in God se oë en blokkeer dat die wêreld werklik Sy heerlikheid kan sien! Jesus sê ons "is een".

Kom ons sê verder vir mekaar dat die Liggaam van Jesus in meeste van hierdie "houers" of "wynsakke" in ten minste 80% van die gevalle totaal misluk het om elke gelowige werklik toe te rus vir bediening.

Meeste gelowiges weet niks daarvan dat hulle die lewe en karakter van 'n verheerlikte Jesus na buite moet vertoon nie. Hulle lewens gee geen aanduiding dat hulle werklik totaal bevry is van sonde nie. Hulle verstaan niks van werklik 24 uur uit 24 uur beskikbaar te wees vir bediening van God se genade en liefde nie.

Wat die Hoofskap van Jesus betref:

- Besluite in die verskillende dele van die Liggaam van Jesus word in vergaderings vol mense demokraties geneem. Of omdat die "kerkorde of -bepalings so sê".
- Verder is gelowiges lojaal aan "hierdie of daardie kerk", terwyl die Bybel sê ons behoort net aan Liggaam van Jesus, en net Jesus Christus alleen is 100% op ons loyaliteit geregtig.

Die meeste gelowiges in die verskillende dele van die Liggaam is niks anders as passiewe passasiers nie. En in die meeste plekke is die meeste byeenkomste van die Liggaam – watter grootte dit ook al is – net 'n ruimte waar een of twee "bedienaars" die grootste deel van die tyd "bedien".

Wat is dan die oplossing?

En nou moet jy maar jou veiligheidsgordel vasmaak, want van hieraf kan dit rof word, maar dit is lewensnoodsaaklik, want Jesus Christus is die Here en Sy Woord, en net Sy woord is waarheid wat werklik vry kan maak!

Blaai ons na die Ou Testament, sien ons wat God gedoen het met 'n tempel-sisteem (of houer) wat 'n blokkasie geword het.

Kyk maar self daar in 2 Kon. 25:8 tot 11 byvoorbeeld. Hy het dit laat afbreek en afbrand tot op die grond.

En die vyande het gekom – as instrument in God se hand - en het Sy volk kom versplinter en verdeel in honderde groepies ballinge in die vreemde vir bykans 70 jaar.

Blaai ons na die Nuwe Testament, na 'n gedeelte soos Op 3, waar ons God se brief aan 'n Nuwe Testamentiese ekklesia (of plaaslike groep gelowiges) in Laodisea kry, sien jy weer hoe rof God kan werk waar Sy heerlijkheid in die slag bly!

Daarom glo ek, hoor ons tans dwarsdeur die Liggaam van Jesus, 'n oproep na “nuwe wysakke”. Wat werklik in staat is om die heerlijkheid van Jesus te akkommodeer.

En ons hoor weer 'n roep aan al die geestelike ballinge wat oral in die vreemde sit, om terug te keer na die plek waar God ons nou wil hê – soos in Nehemia se tyd – om die mure te herbou en die plek te restoureer waar God Sy heerlijkheid wil vertoon.

Ek wil ook hê jy moet verstaan dit gaan weer net “'n oorblyfsel” wees wat genoeg moed gaan hê om “terug te keer”. Wat die moed gaan hê om hulle te bekeer en te doen wat God nou wil.

'n Groot deel gaan net bly waar hulle tans is, want hulle dink alles is “honky dory”.

Lees ons Esra, Nehemia en Daniël, hoor ons hoe mense van God gepraat het as “die God van die hemele”, omdat Hy sy plek hier op aarde “verloor het” omdat Sy volk nie meer Sy heerlijkheid hier vertoon het nie.

Maar God wil “die God van hemel en aarde” wees. Daarom moet daar 'n Liggaam wees wat hiervan getuie kan wees en Hom en Sy heerlijkheid hier kan verteenwoordig.

God roep dus 'n oorblyfsel uit die vlees-bevlekte tradisies en sisteme uit - wat Sy Liggaam gevange hou en so laat versplinter het in 'n magdom onafhanklike groepies.

Hy roep ons terug om “een te wees”.

En om as't ware van nuuts af te ontdek ons is Ekklesia in al sy verskillende groottes. Wat net buig voor Jesus Christus alleen. Enige ander lojaliteit is afgodies en demonies.

Alleen so sal Sy heerlijkheid weer sigbaar word tussen ons, en kan ons die koninklike priesterdom wees wat van die Lig getuig (1 Pet. 2:9 en 10).

Dit beteken nie noodwendig dat alle gemeentes moet “toemaak” nie.

Maar dit gaan ten minste vereis dat 'n paar “sisteme” sal moet toemaak sodat die Liggaam “een” kan wees.

En dit gaan ten minste beteken dat ons moet erken dat ...

- al hierdie denominasionele onderskeidings en verdelings “uit die hel” is
- en dat die denominasies of onafhanklike gemeentes nie op hulle eie die lokale ekklesia is nie
- en dat al die byeenkomste waar daar net ruimte is vir een of twee gelowiges met die reg om te praat of te bedien, nie in staat is om die ledemate regtens toe te rus vir bediening nie

Volgens Op. 3:18 tot 21 soek God na diegene “*wat sal oorwin*”.

Wie is hulle?

Lyk vir my dit is diegene wat ...

- God se plan en bedoeling vir Sy Liggaam raaksien en aanvaar
- En wat dan met die entoesiasme van die Gees opstaan en dit begin najaag en gehoorsaam soos God deur Sy Gees hulle lei (Mat 6:33)

Gaan lees weer God se woord daar in Hag. 1:2 tot 4, en hoor Sy hart as jy ook verse 5 tot 11 lees.

Ek wil afsluit.

God wil Sy Liggaam laat deel in die oorfloedige seën wat in Sy hart vir ons is. Maar dit kan alleenlik op Sy voorwaardes plaasvind.

Alleen dan sal ons die heerlikheid van ‘n verheerlikte, opgestane Jesus Christus in ons byeenkomste beleef.

En alleen dan sal iets van daardie heerlikheid ook aan ‘n wêreld om ons sigbaar wees.

## DEEL 8 SY BLOED HET VIR ONS GEVLOEI

'n Teks wat my boei is Op. 12:11 waar die volgende staan: *“Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.”*

Kom ons kyk 'n bietjie na die volgende wat hier staan:

- Die gelowiges wat die vyand oorwin is diegene wat in die geloof gaan vasgryp en bly vashou aan die bloed van Jesus wat vir ons gevloei het
- En wat sonder skroom daarvoor getuig – ook teenoor die vyand

Ek wil 'n beeld gebruik om dit prakties aan jou hart vas te bind.

Die beeld wat ek wil gebruik is dat ek en jy elke dag van ons lewe Jesus, as die Gekruisigde en Opgestane Here, met al Sy wonde, moet omhels in geloof.

Kom ons dink 'n bietjie oor “die bloed van die Lam”:

- As ons dink aan die volkome verlossing wat Jesus vir ons bewerk het, sê die Bybel, het dit gebeur deur die bloed van Jesus wat vir en namens ons gevloei het.
- Dink ons aan die bloed van Jesus, dink ons aan al die rekeninge en skuld wat Jesus namens ons betaal het.
- En dit is vir ons die waarborg van die volkome verlossing, oorwinning en ontwapening van die vyand wat Jesus vir ons bewerk het deur Sy versoeningsdood en opstanding uit die dood (Kol. 2:13-15).
- 'n Vers soos Jes. 53:5 vat hierdie sekerheid vas as daar staan dat daar deur Sy wonde vir ons volkome genesing gekom het
- Volgens Joh. 10:10b het Jesus gekom - om Sy bloed te laat vloei – sodat ons lewe en dit in oorvloed kan hê.

Dit is aangrypend om in die Ou Testament te lees hoe die priester telkens 7 keer bloed moes spat of smeer as simbool van sondevergifnis of totale genesing in bepaalde situasies.

So lees ons bv in Lev. 4:6 hiervan, tydens die sondeoffer-seremonie, waar hy van die bloed 7 keer voor die voorhangsel gespreinkel het.

Onthou dan dat daardie selfde voorhangsel, wat van bo na onder geskeur het volgens Mat. 27:51, die liggaam van Jesus verteenwoordig wat vir ons geskeur is (Heb. 10:20). Om vir ons volkome verlossing na gees, siel en liggaam te bewerk.

Onthou dat Hy dit gedoen het deur die bloed wat uit 7 wonde gestroom het vir en namens jou.

Onthou dit in geloof as jy saam met ander gelowiges weer die brood en die beker gebruik tydens die liefdesmaal.

Om Jesus elke dag in die geloof as't ware "te omhels" is om net weer in die geloof vas te gryp aan wat Hy namens en vir jou gedoen het toe Sy bloed gevloei het.

Om jou volkome te kan vergewe, om jou volkome te kan genees, om jou volkome nuut te kan maak en volkome te kan verlos, is Hy as Gekruisigde en Opgestane Here, 7 keer verwond sodat Sy bloed jou kon bedien:

#### 1. Die wond in Sy sy

Uit hierdie wond het bloed en water gevloei na die spies se steek. En dit was vir jou.

Onthou dan dat net onder die diafragma 'n mens se "belly" of maag lê waarna Jesus daar in Joh. 7:38, en Paulus in Fil. 2:1 verwys het.

Dit is die deel van die mens waarmee jy jou asemhaling kan kontroleer en beheer.

Maar ook die gedeelte wat die Oosterling die "gees" van die mens noem.

Bely daarom dat Sy bloed vir jou moes vloei sodat die Gees van God jou gees kon wederbaar en lewend maak. Omdat Sy bloed vir jou gevloei het is jy in Jesus Christus 'n nuwe mens. (Lees gerus wat Ef. 2:1 tot 10 en 1 Joh. 5:4 tot 11 hieroor te sê het).

#### 2 en 3. Die wonde in Sy hande/polse

As ons die gekruisigde Jesus sou omhels, sou die wonde in sy hande ons "rug" bedek het.

Gryp dus in geloof net weer die geloofswaarheid vas dat Sy bloed gevloei het sodat God jou jou hele verlede volkome kon bedek (Rom. 3:21 tot 24; Hand. 2:38 en 39).

Onthou dat jy volkome vergifnis ontvang het vir al daardie belyde sonde en ongeregthede uit jou verlede. Jy is vry en hoef nie meer skuldig te voel oor enige van hulle nie.

En as daar nog sonde uit die vandag van jou lewe is wat jy nog nie bely het nie, bely dit en aanvaar dan Sy volkome vergifnis ook daarvoor (1 Joh. 1:9).

#### 4 en 5. Die wonde in Sy voete

As jy die gekruisigde Jesus sou omhels, sou jy gestaan het in Sy bloed wat uit die wonde in Sy voete namens en vir jou gevloei het.

Onthou dan hoe Sy bloed wat gevloei het, jou wandel en dade uit die verlede bedek het (1 Joh. 1:9).

Onthou ook dat jou wandel en lewe as kind van God, begin het waar jy gekies het in geloof om jou te bekeer en gekies het om anders te begin lewe omdat hierdie gekruisigde Jesus nou ook jou Here geword het.

#### 6. Die wonde aan Sy kop

Waar die kroon van dorings wonde veroorsaak het, het bloed vir en namens jou gevloei.



Gryp net weer in geloof vas dat, omdat Sy bloed vir jou gevloei het, jy God moet vertrou om jou verstand te vernuwe (Rom. 12:2).

Omdat Sy bloed gevloei het, is volkome verlossing en genesing moontlik van al daardie siek idees, gewoontes, paradigmas en leuens waarmee die bese jou oor die jare bedrieg en gebind het.

Vertrou God om jou deur Sy Gees se werking ook hier volkome nuut te maak en om jou te leer om in volkome vryheid ook in hierdie deel van jou menswees te wandel.

Vertrou Hom om jou te help om jou vlees te kruis sodat jy geestelik ingestel kan raak en meer kan wees en lyk soos Jesus.

#### 7. Die wonde a.g.v. die houe op Sy rug

Jes. 53:5 verklaar dat daar deur Sy wonde vir jou volkome genesing gekom het.

Hoor jy? Volkome genesing.

Luister dus na Sy Gees wat in jou woon oor wat die implikasies hiervan is vir jou fisiese liggaam en daardie siektetoestande waarmee jy worstel.

Kom ek sluit af.

Miskien is dit weer nodig om, soos Tomas, jou vingers in al 7 Sy wonde te steek. Om weer te begin glo dat jy deur Sy bloed bevry is van die vyand se houvas (Joh. 20:28; Mat. 8:16,17) in jou lewe, in elke faset van jou menswees, na gees, siel en liggaam.

Blaai dan weer na 'n gedeelte soos Lev. 14 en glo dat wat hier plaasgevind het, elke keer kan plaasvind waar jy Jesus as die Gewonde in geloof omhels.

Onthou dat melaatsheid die simbool was van sonde, siekte en elke vorm van binding.

Beleef hoe Jesus, as die Hoëpriester, jou simbolies bedien met die bloed van Jesus.

Sien hoe van hierdie bloed 7 keer oral gespat word.

Sien hoe daarvan eers aan jou regteroor, regterduim en regtertoon gesmeer word.

Daarna word daar 7 keer van die olie oral gesprinkel. Onthou dan van die Gees van Jesus, wat in jou woon, wat jou wil bedien met die volkome verlossing in Jesus.

Sien hoe van hierdie olie weer aan jou regteroor, -duim en -toon gesmeer word, en jy opnuut weer gesalf word om ook ander te kan bedien met die volkome genesing in Jesus deur die werking van die Gees.

Waar jy leer om hieraan vas te hou in geloof, en hieroor begin getuig oor jou en ander se lewens, breek die vyand se houvas, en is oorwinning verseker.

Raak prakties en kies om elke dag vroegoggend die volgende 5 dinge hardop te bely:

- Jesus se bloed het vir my gevloei sodat ek en God volkome vrede tussen ons kan hê

- Jesus het met Sy bloed my sondeskuld betaal sodat ek die geregtigheid van God kon ontvang
- Jesus het met Sy bloed betaal omdat Hy in my plek my vloek moes dra, sodat ek voortaan 'n geseënde van God kan wees
- Jesus het met Sy bloed kom betaal sodat ek oorvloed kan hê
- Jesus het met Sy bloed vir my volkome genesing kom bewerk

## DEEL 9 DEUR DIE KRUIS HET DAAR VIR ONS LEWE GEKOM

Terwyl ons in hierdie dae in herinnering as Christengelowiges stil staan rondom die Persoon van Jesus, wil ek graag jou en jou gesin seën met inligting oor die gebeure van die kruis en die opstanding van Jesus wat my opnuut met verwondering gevul het.

Mag die stilword rondom die kruis en oop graf vir jou en jou gesin 'n geestelik verrykende tyd wees.

Mag God julle oorfloedig seën, opnuut aanraak en met entoesiasme vul om ons Here Jesus as lewende, verheerlikte Here en Koning met 'n nuwe commitment te dien.

### DRIE DAE IN DIE GRAF ...

Soos wat die Here deur Sy Gees Jode wederbaar en deel maak van Sy gelowige Liggaam op aarde, word die res van die Liggaam verryk met soveel nuwe lig rondom bepaalde Skrifgedeeltes en –gebeure. Een hiervan is die gebeure rondom Jesus se kruisiging en opstanding, en spesifiek oor hoe dit inpas in die Paasfees-gebeure en die presiese datering daarvan.

Wat dus hier volg is my eie poging om dit in Afrikaans kursories weer te gee.

Kom ons begin by Palm Sondag:

- Lees oor hierdie gebeure daar in Luk. 19 en Joh. 12:12 ev.
- Dit is die vervulling van gedeeltes soos Sag. 9:9 en Dan. 9:25 –27
- Datering: 6 Apr 32 n.C. – gebaseer op die Julius Kalender (of sogenaamde “maan-kalender”), en nie die huidige Gregoriese kalender (wat sedert 1582 gevolg word wat gebaseer is op die beweging van die son nie).

### 2 Sabbate gedurende die week van die Pasga

Die week waarin die Pasga gevier word het gewoonlik 2 Sabbate gehad: Naamlik die spesiale sabbat van die Pasga en die gewone sabbat van die sewende dag van die week

Kom ons dink weer hoe die dinge daardie besondere week gebeur het:

### DIE KRUISGEBEURE

- Daardie Dinsdagaand laat

Word Jesus gevange geneem in Getsemane

- Vroeg Woensdagoggend om 06:00

Gelyktydig met die voorbereidingsgebeure vir die Joodse Paasfees wat kom, toe die paaslam gekies word, word Jesus, die Lam wat moes sterf, gevonniss deur Pilatus (Joh. 19:13-16)

- Woensdagoggend om 09:00

Gelyktydig met die gebeure waar die Hoëpriester die gekose lam vasmaak aan die horings van die altaar op die 14de dag van die maand Nisan, word Jesus vasgespyker aan die kruis

- Woensdagmiddag om 15:00

Gelyktydig met die tyd van die aandoffer van die Paasfees - as die lam keelaf gesny en geslag word (Eks. 12:6) – sterf Jesus na 3 ure van duisternis (van 12:00 tot 15:00) – soos Mat. 27:45 ev vertel. Na 3 ure van “hel” kan Hy sê: “Dit is volbring”, want sondevergifnis is bewerk, die oorwinning is behaal, en Hy kan oorgee aan die Vader en sterf.

Datering: 9 Apr 32 n.C.

- Vroegaand (voor 18:00) daardie Woensdag

Word Jesus se liggaam begrawe. Markus 15:42 vertel ons daarvan. Moenie verlei word deur die Nuwe Afrikaanse vertaling se interpretasie van “Dit was Vrydag ... nie. Dit staan nie in die Grieks nie. Gaan lees maar eerder hoe dit in die Ou Vertaling of in die NIV vertaal is uit die Grieks.

### DRIE DAE IN DIE GRAF

Volgens die Skrif en die profesieë was Jesus 3 dae en drie nagte in die graf: Die spesiale sabbat (Woensdagaand 18:00 tot Donderdagaand 18:00), Vrydag en dan die normale Joodse Sabbat (Vrydagaand 18:00 tot Saterdagagaand 18:00).

### DIE OPSTANDING

Vroeg die Saterdagagaand na 18:00 (met die begin van die Joodse eerste dag van die week) staan Jesus op uit die dood na drie dae in die graf.

Datering: 12 Apr. 32 n.C.

En dit is die vervulling van gedeeltes soos Hos. 6:1,2; en die teken van Jona (Mat. 12:40)

Vroeg die Sondagmôre word dit ontdek deur Maria Magdalena en ander Maria, en kort daarna die dissipels (Mat. 28:1 ev)

### Die trauma rondom die kruisiging van Jesus

In Mat. 27:22-36 lees ons: “Pilatus sê vir hulle: “Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?” “Kruisig hom!” skreeu hulle almal. Hy vra: “Watter kwaad het hy dan gedoen?” Maar hulle skreeu nog harder: “Kruisig hom!” Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder ‘n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid.” Toe antwoord die hele volk: “Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus!” Pilatus het Barabbas toe vir hulle losgelaat; maar Jesus het hy laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word. Daarna vat die soldate van die goewerneur vir Jesus in die ampswoning in en bring die hele leërafdeling rondom Hom bymekaar. Hulle trek toe sy klere uit en gooi Hom ‘n pers mantel om. Hulle vleg ‘n doringkroon en sit dit op sy kop en gee Hom ‘n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: “Ons groet u, Koning van

die Jode!" Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan. Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig. Toe hulle uitgaan, kry hulle 'n man van Sirene met die naam Simon, en hulle het hom gekommandeer om Jesus se kruis te dra. Hulle kom toe by 'n plek wat Golgota genoem word; dit beteken Kopbeenplek. Daar het hulle Hom 'n mengsel van wyn en gal gegee om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie. Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot. Daarna het hulle gaan sit en by Hom wag gehou."

Ons is so gewoon om dit te lees! Maar ek is dié week net weer aangegryp deur die onbegryplike pyn en trauma wat Jesus Christus moes deurgaen ter wille van my en jou. Omdat die lewende God ons so liefhet. Omdat Hy nie wou hê dat een van ons sterf nie, het Hy Sy Seun gestuur om in ons plek te sterf. Om in ons plek die volle straf te dra vir ons sondes sodat ons nie nodig het om gestraf te word nie. Sodat God, die Vader, ons met reg kon vergewe en ons hele sondige verlede kon uitwis om ons met Homself te versoen.

Terwyl ek die gebeure weer begin deurdink het, het dit my getref dat ek so familiêr geword het met hierdie gegewens. Dit is asof die verskriklikheid daarvan my nie meer werklik aan die hart ruk nie. Wil jy nie vir 'n paar oomblikke weer saam met my nadink oor die pyn en lyding wat Jesus, ons Here, ter wille van ons beleef het nie? Al weet ek ons kan geen werklike konsep daarvan vorm van wat dit Hom gekos het as die mensegeworde Seun van God om dit alles te moes deurmaak nie. Maar kom ek probeer met die hulp van medici iets met jou deel van wat Sy liggaam wel ter wille van ons moes verduur:

- Kan jy jouself die soort angs daar in Getsemané voorstel wat Jesus belewe het aan die vooraand van Sy kruisiging (Luk. 22:38 ev)! Dat Sy sweet letterlik bloeddruppels geword het! Hematidrosis, noem die medici dit. Letterlik 'n mengsel van sweet en bloed, wat reeds 'n aanduiding is van die emosionele trauma wat Jesus moes beleef het op hierdie stadium.
- Dan, na die arres daardie nag, word Jesus geneem na die Sanhedrin, en Kaiafas, die Hoëpriester. Dit is hier waar Hy vir die eerste keer in die gesig geslaan is. Daarna het hulle Hom geblinddoek, Hom begin spot, gespoeg en in die gesig geslaan. In my gees sien ek hierdie groot, ruwe Romeinse soldate Hom slaan, en weet ek, as hulle geslaan het, het hulle geslaan om te breek!
- Vroeg daardie volgende oggend, reeds geknuis, stukkend geslaan, uitgeput en gedehidreer na 'n nag in 'n Romeinse tronk, word Hy na Pontius Pilatus geneem. Daarna word Hy na Herodus gestuur, wat Hom maar net weer terugstuur na Pilatus toe. En dié, in die lig van die geskreeu van die skares, laat eers Barnabas vry, voordat hy uiteindelik Jesus laat gesel en toe uiteindelik vonnis om gekruisig te word.
- Om geysel te word, het hulle Sy bolyf kaal uitgetrek, sy hande bo sy kop vasgemaak en Hom toe met dit tipiese Romeinse flagellum, of kats, geslaan. Hoeveel houe Hy presies geslaan is, weet ons nie, maar wat ons weet is dat hulle Hom, volgens wet, tot 39 houe kon slaan. Kan jy jou dit indink? Hoe daardie geoefende Romeinse soldaat daardie kats met sy dun leerbande met stukkies been en yster aan die punte van elke band, Jesus stelselmatig stukkend begin slaan oor Sy rug, arms en bene. Tot in die vleis en op die been.

- Half doodgeslaan, gooi hulle dan 'n kleed oor Sy lyf, sit 'n stok in Sy hand, neem 'n kroon gevleg met doringtakke en stamp dit in Sy skedel in. Weer word Hy gespot en geslaan totdat hulle moeg is vir hierdie speletjie. Dan ruk hulle die kleed van Sy bebloede lyf af. Kan jy dink hoe dit moes voel?
- Volgens die tipiese Joodse gebruik is Sy klere aan Hom terug gegee en dan word die dwarsbalk van die kruis op Sy skouers gesit om te dra tot waar Hy gekruisig sou word. Weer sien ek die prosesie met die veroordeelde Christus, en die twee diene, elkeen met sy kruis, oppad al langs die Via Dolorosa. Tot waar Jesus nie meer kon nie en hulle sy kruis vir iemand anders moes gee om te dra.
- By die plek van kruisiging het hulle Jesus – soos die gewoonte was – 'n mengsel wyn en mirre gegee om Sy pyn te verdoof, wat Hy geweier het. Dan word Hy gegryp, agteroor op die kruisbalk neergegooi en met groot staalspykers deur Sy gewrigte teen die houtbalk vasgekap. Eers die eenkant, dan die anderkant. Dan word die balk, met Jesus daaraan, gelig en in sy gluif gesit op die vertikale balk. Daarna word die hele kruis opgetel en regop in sy gat ingestamp. Weer is dit dus net pyn op pyn. Dan word Jesus se voete op mekaar gesit, tone na onder, en opmekaar vasgekap. Nou was Hy gekruisig. Van nou af, as Hy Homself wou “meer gemaklik maak”, of die pyn in sy hande net wou minder maak, of net “meer gemaklik wou asemhaal”, moes Hy op daardie spyker-deurboorde-voete opdruk. Medici vertel hoe krampe op krampe deur al die spiere van Sy liggaam op hierdie stadium gegolf het en hoe elke asemhalingsteug 'n marteling geword het.
- Twaalfuur daardie middag is Hy gekruisig, en het alles donker-skemer geword vir die hele tyd van Sy foltering en lyding aan die kruis tot drie-uur daardie middag. Gedurende hierdie drie ure hoor ons Hom sê: “Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” Hoor ons Hom vir die een moordenaar aan die kruis sê: “Jy sal vandag saam met My in die paradys wees!” Sien ons Hom kyk na Sy aardse moeder en hoor ons Hom vir Johannes en haar sê: “Seun, daar is jou moeder”, en “Vrou, daar is jou seun!” Hoor ons Hom uitroep: “My God, my God, waarop het U My verlaat!” En dan sê: “Ek is dors”. Voordat Hy uiteindelik sê: “Dit is alles volbring!” en “Vader, in u hande gee Ek my gees oor.” Dan sterf Hy.
- Die res van die verhaal ken jy: Hoe hulle, soos die gebruik was, ook Sy bene wou breek, maar toe sien dat Hy reeds dood was. Net om seker te maak het hulle toe die spies in Sy sy insteek en die mengsel water en bloed wat uit die wond gekom het het aangedui wat hulle geweet het: Hy was dood. Medici sê dit bevestig dat Jesus heelwaarskynlik nie - soos gewoonlik met 'n kruisiging gebeur - van versmoring gesterf het nie, maar eerder aan Sy hart gesterf het.

Dit is maar net 'n snars van wat Hy in werklikheid vir elkeen van ons moes deurmaak. Maar dit het my weer maak neerkniel voor Hom om te bely: Here, dankie dat U my liefgehad het lank voor ek U kon liefhê. Dankie vir wat U vir my moes deurmaak en dat U in my plek bereid was om te ly en sterf. Sodat ek totale vergifnis en totale versoening kan belewe. Dankie dat U daarmee die mag van die bose oor my lewe gebreek het en die dood ook vir my oorwin het. U het immers opgestaan en U lewe. U sit aan die regterhand van die Vader, van waar U oor alles regeer. Dankie vir die genadetyd waarin ons nou is. Here, gebruik ook my getuie om mense om my weer opnuut bewus te maak van U liefde vir ons. U alleen is die Verlosser en Here. Aan U al die eer. Amen.



## DEEL 10 WAAROM MOES HY SO LY?

“The Passion” het mense aan die praat. Dat Hy soveel moes verduur, al die bloed, al die pyn en lyding ... is vir die meeste mense uiters ontstellend.

Maar sê my: Waarom dink jy, moes Jesus soveel ly?

In Joh. 10:18 sê Jesus self dat Hy as mens gekom het om te ly en Sy lewe af te lê ... As deel van Sy Vader se opdrag aan Hom. In Joh. 12:27 sê Hy, lank voor die werklike gebeure: "Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur."

Daarom vra ek weer: Waarom moes Hy so ly? Waarom was Hy gewillig om vrywillig so te ly?

Jesus antwoord self: "Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red." (Joh. 12:47)

Kyk 'n mens na die gebeure daardie Woensdag van Sy kruisiging, sien jy ...

- Hoe Hy binne 12 ure ses keer daardie nag verhoor is (en dit boonop in die nag - wat dit, volgens Romeinse en Joodse wette, ongrondwetlik gemaak het!)
- Alles om uiteindelik te bevind dat Hy totaal onskuldig was op al die sogenaamde aanklagte dat Hy 'n misdaad sou gepleeg het
- Uiteindelik kon net een beskuldiging werklik standhou: Dit was dat Hy daarop aanspraak gemaak het dat Hy die Seun van God is (Mat. 26:59-68). Nooit het Hy aangedring dat mense Hom as 'n leermeester, of 'n morele leier, of 'n man van God, of 'n profeet moes eer nie. Nee, Hy het net aangedring dat mense moes glo dat Hy God was wat mens geword het.

En hiervoor was Hy bereid om so te ly ... en selfs die mees afgrypslikste van afgrypslike dode te sterf!

Dit dwing 'n mens om 'n keuse te maak oor wat jy werklik van Jesus dink! Vandag nog!

Uiteindelik het 'n mens net een van drie keuses:

- Of jy moet glo dat Hy 'n dwaas en mal mens was! Wat nie geweet het wat hy sê nie. Wat so geestelik onstabiel was dat hy selfs bereid was om vir 'n leuen te sterf. Wat so geestelik onstabiel was om te glo dat hy God is! Sulke mense bêre ons vandag in inrigtings, saam met ander wat dink hulle is Napoleon of Hitler.
- Of Hy was die grootste bedrieër ooit! Wat dit reg gekry het om sy optrede en sy woorde so te laat klop dat hy miljoene der miljoene mense, vandag nog selfs, steeds kan "bedrieg" om te bly glo dat hy is wie hy gesê het hy is.



- Of jy glo dat Hy die waarheid gepraat het. Dat Hy is wie Hy gesê het Hy is: die Seun van God, God self, wat mens geword het. En dan kan jy Hom net aanbid en gehoorsaam.

Die meeste mense op aarde glo reeds iets oor Jesus. Die vraag uiteindelik is: Wie was Hy werklik? Leuenaar? 'n Mal man? Of Here, soos Hyself gesê het?

Jesus het aanspraak daarop gemaak dat Hy God was wat as Verlosser van die wêreld gekom het. Dit was waarom Hy toegelaat het dat mense Hom verhoor het, en uiteindelik gekruisig het. As God kon Hy immers dit verhoed het. Maar Hy het geglo dit was nodig om die mensdom te red. Soos daar in Fil. 2:6 tot 11 staan: "Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."

Eendag sal elke knie moet buig en elke tong moet bely dat dit waar was waarop Hy oor Homself aanspraak gemaak het: Ja, dat Hy was wie Hy gesê het Hy is. Elke nasionaliteit; elke ouderdom; elke kultuur; elke godsdiens; elke politikus; elke popster; elke professor; elke atleet; sal dit uiteindelik moet erken en bely.

Die lewensbelangrike vraag waarvoor ek en jy, en elke ander mens op aarde vandag staan is: Wie glo jy werklik is Hy?

Dit is die vraag wat elke mens wat "The Passion" kyk, vir hulleself moet beantwoord.

Terwyl ek weer hierdie vraag in hierdie dae vir myself antwoord, is die een ding wat my aangryp dat my lewe ... en elke ander mens op aarde se lewe ... vir Hom so belangrik, so kosbaar was, dat Hy bereid was om so te ly, ja, om Homself letterlik, soos die lam van ouds, op te offer sodat ons gered kan word. Sodat ons kan lewe.

Hy was bereid om alles prysgegee terwille van my ... En ook vir jou.

Daarom het dit my gedring om weer te kies om Hom bo alles, met alles wat ek het, lief te hê en te gehoorsaam in elke deel van my lewe!

## DEEL 11 “AMAZING LOVE!”

Die film, THE PASSION, trek tans wêreldwyd rekordgetalle mense na die rolprentteaters. Wat vir ons as Christengelowiges natuurlik merkwaardige getuigenisgeleenthede skep.

Om jou te stimuleer om jouself sinvol voor te berei vir sulke moontlike gesprekke, gesels ek vir 'n tweede keer met jou oor die vraag: Waarom moes Jesus so ly?

Dit is vir my aangrypend dat die Engelse woord “passion” in die titel van hierdie film se Afrikaanse ekwivalent, “passie”, hierdie dubbele betekenis kan hê:

- Soos in die Engels kan die woord “passie” - soos in die woord “passie-spel” - verwys na die “lyding” van Jesus
- Of dit kan dui op die innerlike dryfkrag, motivering of passie wat onderliggend aan al hierdie lyding was, naamlik, aan die eenkant die hartstogtelike liefde van God vir Sy geskape wêreld en sy mense, en aan die anderkant, Sy woede oor sonde in die algemeen

Een van die belangrikste antwoorde wat die Bybel gee op hierdie vraag: “Waarom moes Jesus so ly?” is dat dit prakties demonstreer hoe lief die lewende God van die Bybel vir jou, my en elke mens op aarde, het! Ja, en tot watter uiterste Hy gegaan het om ons lewens te red en vir ons lewe in oorfloed te bewerk.

‘n Mens hoef maar net, saam met hierdie film, daardie laaste dag van Jesus se kruisiging te oordink om intens hiervan bewus te word. Die meeste mense sidder tot in die diepste van hulle wese as hulle met die brutaliteit van kruisiging gekonfronteer word. Dit was immers bedoel om destyds die mees brutale doodstraf moontlik te wees.

Dat Hy bereid was om soveel pyn en lyding terwille van my te verduur, breek elke keer my hart as ek daaraan dink!

Maar Sy lyding, daardie laaste dag van Sy kruisiging, het soveel ander dimensies gehad:

- Dink maar net aan die ontsettende fisiese en emosionele lyding en uitputting wat Hy beleef het tydens die 6 hofverhoë daardie hele nag voor die kruisiging! Ek kan my net indink hoe daardie rowwe Romeinse soldate Hom brutaal heen en weer tussen die verhore begelei het. Die Bybel vertel ons maar net van hoe hulle Hom geblinddoek en geslaan het, terwyl hulle spottend gevra het: “Wie het jou geslaan, Jesus?” En onthou jy hoe hulle ‘n doringkroon ru op Sy kop gesit het, Hom ‘n purperkleed aangetrek het, en Hom dan ru in die gesig geslaan en spottend Sy baard uitpluk het!
- Na die verhore word Hy toe gevonnissen om gezesel te word! Waartydens hulle Hom met daardie berugte Romeinse kats, met sy 9-leertonge met skerp been- en ysterpunte vooraan, 39 slae ten minste geslaan het (dit wil sê, as iemand getel het! Hy was immers reeds ‘n terdoodveroordeelde!). Meer as 350 slae dus, wat

Sy liggaam een bebloede massa stukkende vleis en spiere gemaak het! En dit alles vir my en jou!

- En toe word Hy gevonnies om gekruisig te word. Dit is toe dat Hy daardie swaar dwarshoutbalk van die kruis moes dra op al daardie seer ... G'n wonder, Hy kon later net nie meer nie! Sodat hulle Simon, uit Afrika, moes vra om dit vir Hom tot by Golgota te dra.
- En toe die afgryse pyn om Sy liggaam gekruisig te kry! Eens was dit die spykers, een na die ander, deur Sy polse gekap; terwyl hulle, in die proses, Sy skouers uit potjie moes forseer. En toe word Sy voete op mekaar ook vasgekap!
- Dan die versmorende pyn daar aan die kruis, byna ses ure lank! Dit was immers wat gebeur het: So 'n gekruisigde kon inasem as gevolg van die posisie van die liggaam, maar nie natuurlik uitasem nie; behalwe as hy homself sou ophang op daardie vasgekapte voete van hom!
- Totdat Hy uiteindelik van al die pyn sterf, drie uur daardie Woensdagmiddag, net nadat Hy gesê het: "Tetelestai!" (in Grieks) Wat beteken: Dit is volbring! Alles is klaar! Wat gedoen moes word, is gedoen! Die skuld, die rekening, is ten volle betaal! Die bewys, van hoe lief My Vader julle het, is gelewer!"
- Toe die soldate later daardie middag by Hom gekom het om te kom kyk of Hy dood was, was dit vir hulle onnodig om Sy bene te breek. Die spiessteek in Sy sy, met die water-bloed-mengsel wat uit Sy borsholte gevloei het, het immers bevestig dat Hy dood was. Medici vandag sê selfs, in vele artikels in die Medical Journal, dat hierdie water-bloed-mengsel net moontlik kon wees as Sy hart letterlik ontplof het daar in Sy binneste! En weer is die vraag: Was dit van al die pyn, of dalk van al Sy liefde vir jou?!

Ek vra weer: Waarom was dit alles nodig? Waarom soveel lyding en soveel pyn?

Rom. 5: 6 tot 8 antwoord: "Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sonde was."

Daarom hoor ek midde al hierdie lyding hoe die Vader self die vraag antwoord:

"So lief het Ek julle ... Sien julle, hoor julle? So lief het Ek julle ... dat Ek bereid was om My Seun so te laat ly! Alles sodat julle kan lewe! Sodat daar vir julle vergifnis ... totale versoening met My ... moontlik is. Ondanks, ten spyte van julle verlede. Hy het daarmee julle volle straf gedra!

As julle maar net bereid is om dit werklik te glo ....

Mag ons dit elke keer hoor en ervaar as ons saam met ander gelowiges die tekens van die wyn en brood gebruik.

Sodat ons opreg saam die Engelse lied kan sing: "Amazing love!"

## DEEL 12 HIERDIE JESUS HET OPGESTAAN EN HY LEWE

Prys die Here, die storie van Sy lyding het nie by die kruis en in die graf –soos die meeste ander verhale – geëindig nie. Anders was ons nie Christene en kinders van die lewende God nie. Dan het ons nie eers hieroor met mekaar gesels vandag nie, want hoekom ...

Na Jesus se dood het hulle Hom in 'n graf gaan begrawe. Natuurlik 'n ander soort graf as ons s'n vandag. Vandag sit ons die meeste dooies in 'n kis en begrawe hulle dan in 'n graf in die grond wat ons toegooi. Destyds is mense in grotte begrawe. En dan het hulle 'n groot ronde steen gebruik om dit as't ware "toe te rol". So is Jesus se lyk na Sy dood aan die kruis in die grot-graf van die ryk man Josef van Armita "toegerol".

Maar die teëstanders van Jesus was bekommerd, want hulle het stories gehoor dat Jesus gesê het dat Hy na drie dae gaan opstaan. Nie dan hulle bang was daarvoor nie, maar sê nou Sy volgelinge kom en kom steel Sy lyk en vertel dan dat Hy opgestaan het ...!

Daarom het hulle, vir veiligheid, vir Pilatus gevra om die grot-graf te laat verseël sodat niemand kan in of uitgaan nie, en om soldate opdrag te gee om die graf op te pas.

Wanneer laas het jy gehoor van soldate wat iemand se graf oppas omdat hulle bang is "hy staan op" op die een of ander manier!?

Maar niks wat hulle kon doen sou dit kon keer nie.

Argeoloë vertel vir ons dat Jerusalem plus minus 'n kwart miljoen inwoners destyds gehad het. En binne twintig jaar na die kruisiging en dood van Jesus was daar tussen 100,000 en 125,000 gelowiges in die stad.

Hoekom? Omdat soveel mense met hulle eie oë 'n opgestane, lewende Jesus gesien het en nie daarvoor kon stil bly nie!

Rom. 1 verwoord dit so treffend as daar staan: "op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag bekleed is, Jesus Christus ons Here."

Dit is waarom die geboorte en lewe van Jesus so 'n impak op die geskiedenis van 'n hele wêreld gemaak het ... dat dit letterlik die wêreldgeskiedenis in twee verdeel het: Die jare voor die geboorte van Christus, en die tyd daarna!

Die aangrypende van dit alles is, is dat die krag wat Jesus opgewek het uit die dood, ook vandag daar is vir jou en my, om ons te help met enige probleem wat vir ons te groot is om alleen te hanteer.

Hoor hoe sê Paulus dit daar in Efesiërs 1:18-21: "Ek bid dat Hy julle geestesoe so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom."

Daardie selfde krag is vandag daar as jy jou lewe vir Jesus gee.

Hoe reageer 'n mens dan gepas in die lig van Jesus se lyding, Sy sterwe en Sy opstanding? Ek wil drie maniere vir jou noem by hierdie geleentheid:

1. Ek behoort Jesus bo alles lief te hê. Al doen God nooit weer iets anders vir my as dit wat Hy in Jesus vir my gedoen het nie, verdien Hy my totale lojaliteit en liefde. G'n wonder die Bybel sê: Ons het Hom lief omdat Hy eerste ons liefgehad het.
2. Ek behoort sonde en al wat sleg is te haat soos gif. Waarom? Omdat sonde Jesus doodgemaak het. My sonde, en jou sonde. Daarom kan ons nie meer onversteurd sit en kyk terwyl die TV of die rolprentwêreld maak asof sonde net niks is nie. Ek hoef maar net weer na die kruis te kyk en oor Sy lyding na te dink om te besef waarom ek en jy met alles wat ons het sonde moet haat en moet veg vir geregtigheid en vir wat reg is.
3. Ons moet ons commit om tydig en ontydig ander te vertel wat ons oor Jesus weet. Daarom sê Paulus daar in 2 Kor. 5:19 en 20: "Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!" Hoe kan ons stilbly as een van ons vriende, of iemand by die werk, tot hier hulle lewens geleef het sonder om werklik te verstaan wat Jesus Christus ook vir hom of haar gedoen het! As iemand hulle nie in eenvoudige terme vertel nie en hulle sou sterf, was Jesus se lyding en dood vir daardie mens nutteloos!

God se hart is dat niemand verlore sal gaan nie! God se hart is dat ek en jy dit aan die hele wêreld sal vertel. Daarom het iemand jou vertel ...

Dit is wat ek glo die film THE PASSION OF CHRIST weereens vir ons help doen. Dit skep weer vir ons 'n wonderlike eenvoudige rede om met mense oor Jesus en oor wat Hy vir ons gedoen het te gesels.

Nooi dus mense uit om die film te gaan kyk. Almal praat tog daarvoor. Dat hulle vir hulleself kan sien waaroor almal so praat. En dan nooi jy hulle uit saam met jou restaurant toe. Gesels dan met hulle oor wat hulle gesien en ervaar het

Dit is so eenvoudig om 'n getuie te wees met sulke moderne hulpmiddels rondom jou!

## DEEL 13 JESUS HET WERKLIK OPGESTAAN

Wat 'n stuk genade om werklik met jou hart te glo dat Jesus Christus uit die dood opgestaan het en dat Hy lewe! Hierdie sekerheid is die vrug van 'n gees wat lewendig geword het, want God se Gees het dit lewendig gemaak (wederbaar, noem die Bybel dit).

Kan ek net weer vir jou vra, en moet asb nie so vinnig antwoord nie: Glo jy dit van ganse harte? As jy dit werklik glo, het daar in jou binneste 'n hele klomp wonderlike dinge gebeur: Jy het deel gekry aan God se koninkryk op aarde. Jy het kind geword van die lewende God; Hy is nou jou Pa. Alles wat Jesus Christus aan die kruis en deur die oop graf heen bewerk het, is nou ook joune. God se Gees het in jou kom woon om jou van binne af te verander sodat jy dag vir dag meer en meer iets van Jesus na ander rondom jou sal weerkaats.

Ek wil vandag op een ding klem lê: As nuwe mense in Jesus, wil God se Gees ons dag vir dag meer en meer help om werklik te onderskei waarop dit aankom.

Al is 'n mens Christen, wedergebore Christen, beteken dit nie dat jy altyd sien wat jy moet sien nie. Die ou mens in elkeen van ons kan so maklik veroorsaak dat ons teen omstandighede vaskyk of vasgevang raak in ou gedagtepatrone of maniere van dink; of dat selfs seerkry-ervaringe van die verlede wat nog nie heeltemal genees het nie ons kan verhoed om te hoor en te sien wat God eintlik wil hê ons moet sien of hoor.

G'n wonder Paulus praat daar in 1 Kor. 2:16 in die Engels van die "mind of Christ" nie. Waar die Gees van God in beheer van ons lewens is, ontwikkel ons die vermoë om in die onsienlike te sien, om met geloofsoë en oë van liefde te kyk en te sien. Daarom moet elkeen van ons elke dag aan Jesus as Opgestane Here vra om ons beskerm van inspraak van die ou vlees en om deur Sy Gees totaal in beheer te wees van ons lewens.

Waar Jesus deur Sy Gees in beheer is, sal ons 'n hart en passie hê vir die totale verlossing en genesing van mense. Sal ons verstom staan oor die diepte-dimensies van Jesus se liefde wat ons in onself gaan begin ontdek. Soos 'n bereidheid om te vergewe soos Hy vergewe.

Dit sal ons help om die geneigdheid tot 'n kritiese gees in onself te herken en voor God te bely. Ons sal begin ontdek dat die swakhede wat ons so maklik in ander raaksien, baie keer bloot 'n refleksie is van ons eie gebreke en geneighede.

Hoe sê Jesus daar in Mat. 7:1-3,5: "Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word. "Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal."

Bekering ('n veranderde leef- en denkwyse) is hierdie balke wat verwyder moet word. Dit is dit begin van helder sien. Soveel mense is so besig om ander te oordeel heeldag, terwyl Jesus juis hier sê dat ons nie moet oordeel nie.

God se hart is dat ons instrumente sal wees om ander te help ... maar dan moet ons leer om goed te sien. En ons sien nie helder voordat ons geleer het om met die oë van Jesus eers na onself en ons eie vlees-geneigdheid te kyk nie.

'n Mens se oog is so sensitief. Hoe haal jy 'n splinter uit iemand anders se oog? Baie versigtig! Jy moet eers sy vertrou wen. Dit beteken ten minste dat mense by jou moet veilig voel om hulleself of dele van hulleself te ontbloot voordat jy hulle kan help.

Die ander belangrike deel van om reg te kan onderskei en reg te sien, lyk vir my, is om stil genoeg te wees om te hoor wat God werklik sê. Ons dien 'n lewende Jesus wat belowe het dat Hy Sy volgelinge sal lei deur Sy stem. Maar ons moet leer om stil genoeg te wees om te hoor as Hy praat.

In Fil. 1:9-11 bid Paulus: "Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer."

Jakobus praat daarvan dat ons baie mense so maklik kan oordeel op grond van wat ons oë sien, hoe hulle lyk en of hulle na ons oordeel ordentlik is of hoort in ons geselskap of kringe.

Die Here het natuurlik ook 'n wonderlike skeidsregter aan ons gegee wat ons heelyd kan help om te onderskei wat God se wil in situasies is. Kol. 3:15 praat daarvan as die "vrede van God". Kom ek haal aan daar van vers 12 tot 17: "Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."

Ek is so bewus daarvan in hierdie dae dat die Here ons wil gebruik om mekaar en ander om ons te bedien met Sy liefde, genade, genesing, verlossing, wysheid, onderskeidingsvermoë, Woord, bemoediging en nog soveel meer. Mag Hy deur Sy Gees aan ons die vermoë gee om te sien en te hoor wat werklik in Sy hart is sodat die wêreld kan weet en beleef Jesus het werklik opgestaan en Hy lewe, want Hy lewe in en deur ons.

Ek is oortuig dat ons in 'n tyd lewe waar God die wonderlikste deure en geleenthede vir Sy kinders gaan oopmaak sodat God se koninkryk kan kom en die vyande vernietig kan word voor die voetbank van Jesus Christus wat op die troon sit. Maar dan moet ons oë hê wat dit kan onderskei van die geelwortels wat die bese oral om ons neersit om ons oë en aandag weg te lei van wat werklik belangrik in hierdie dae is.

Jer. 33:3 sê nie verniet wat daar staan nie!

Ek glo ook dat dit wat daar in Ef. 4:12 staan in ons lewens moet gebeur binne die liggaam van Jesus en binne ons verskillende geloofsfamilies. Intieme ken van Jesus, kennis van die

Woord, 'n sensitiwiteit vir die stem van God se Gees, 'n volwasse leer om te bedien met die gawes van die Gees glo ek is alles deel van hierdie bedien in die onderskeiding van die Gees.

Wat elkeen van ons nodig het is 'n ervaring soos 'n Jesaja daar in Jes. 6 ... waar ons die lewende God en Jesus op die troon sien sit ... en onself herken as kinders van die lewende God met die Gees van God in ons, maar tog ook met 'n stuk ou mens wat so maklik God se planne met en deur ons kan blokkeer of in die wiele kan ry.

Ons word so maklik oorval deur 'n gevoel van onvermoë en hulpeloosheid. God wil ons geloof brei en sterker maak sodat ons met die oorfloed wat tot ons beskikking is in Jesus Christus se Naam mekaar en ander kan bedien.

Ek is oortuig dat God Homself in Sy heerlikheid aan ons en die gemeenskap om ons wil openbaar. Kom ons vertrou Hom daarvoor.